Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 14
Nommer 2 Augustus 1970



FEDERALE VOLKSBELEGGINGS BEPERK . . .

Wydverspreide en vinnig groeiende belange in:

Bankwese en finansiering
Chemiese nywerheid
Handel en dienste
Eiendomsontwikkeling
Konstruksie en ingenieurswese
Voedsel en klerasie
Mynbou

STEWIG GEVESTIG ALTYD DINAMIES

FVB

DIE FEDERALE GROEP

K235/51A/1

Belê in geluk-
maak u geld
Permanente
geld

SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING
Groei met Suid-Afrika...vanaf 1883

Permanente Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch

Grant 30

wat Goudvelde die talentvolle gegradueerde aanbied

Geleentheid Ontwikkeling Erkenning

Goudvelde is 'n Suider-Afrikaanse groep maatskappye in die bestuurswese, mynwese, finansies en die nywerheid, met wêreldwye skakeling.

Gegradueerdes in uiteenlopende rigtings word benodig: Myn-, Meganiese, Siviele, Elektriese en Chemiese ingenieurswese; Geologie; Metallurgie; Geneeskunde; Regte; Handel; Wetenskap; Wiskunde; Administrasie.

Die Groep bied jong gegradueerdes wat streef na erkenning vir hul werk uitmuntende geleenthede vir persoonlike ontwikkeling en vooruitgang.

Gegradueerdes en studente wat binnekort gradueer, word genooi om met die Personeelbeampte in aanraking te kom om 'n onderhoud te reël.

GOUDVELDE VAN SUID-AFRIKA BEPERK

POSBUS 1167, JOHANNESBURG. TEL. 838-8381

Die spreekwoord sê: Niemand is te oud om te leer nie. SAAMBOU sê: Niemand is te jonk om te spaar nie.

Uitstekende advies as jy nou reeds selfstandig wil wees en trots daarop is om voorsorg te maak vir jouself en wat joune is. Verseker jou selfstandigheid deur 'n spaarrekening by SAAMBOU te open. SAAMBOU bied jou die beste advies oor geldsake en voeg boonop ekstra geld by jou spaarbedraggie met hul aantreklike jaarlikse rente van 4%. Wees selfstandig—spaar vir jouself en wat joune is by

Saambou

WAAR MENS TUIS VOEL

VZ&R—K5815A/2

Nou kan u die premies op die versekering van u besittings maandeliks betaal!

KYK HOE SANTAM BANK SE HANDIGE VERSEKERINGS-PROMOTORPLAN DIE ANGEL UIT VERSEKERINGSREKENINGS HAAL:

1. U bring al u polisse na ons.
2. Ons tel u totale jaarlikse premies bymekaar.
3. U betaal ons 25% onmiddellik – net een keer!
4. U teken 'n aftrekorder een keer vir een-twaalfde in klein angelvrye maandelikse bedraggies.
5. Ons betaal al u premies op hernuwingsdatum en u kan maar vergeet om te onthou.
6. Ons vra geen sent ekstra – nie eens rente op die premievoorskot nie.

SANTAM BANK BEPERK
VERSEKERINGSPROMOTORPLAN

VZ&R — K835/54A

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J.J.OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 14 NO.2 AUGUSTUS 1970

In Hierdie Uitgawe

Bronsplaat in die voorportaal van die Ingenieurs-gebou, 7
Redaksioneel
'n Universiteit met sy oog op die Toekoms, 8
Die Vise-kanselier, 9
Nuwe Kabinetslede en Administrateur, 9
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 10
Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid, 6 Maart 1970, 12
Nuwe Doktore, 12
Nuwe Geboue, 15
Ingenieurswese, 15
Langenhoven-gedenksaal en Studentesentrum, 17
Aanstellings en Bevorderings, 20
Nuwe Kursusse, 23
Oud-Maties, 25
Dit was glorieryke dae op Stellenbosch, 25
Bekronings deur die Akademie, 27
Saamtrek van Oud-Maties, 28
L. A. Schoonees, die oudste (?) Oud-Matie, 29
Hulle doen en late, 30
Dagbreek se halfeeufees, 32
Die Klanksegmentator, 33
Eeufeestrustfonds oorskry sy doelwit, 34
Gesellig, 35
Afskeid aan Sy Ed. dr. en mev. J. N. Malan, 35
Tant Petrusa twee-en-negentig jaar oud, 35
Maggie Laubser gehuldig, 36
Die Hans Herre-week, 36
Studentebedrywighede, 39
Die Studente ontvang die Rektorpaar, 39
Internasionale hokkie op Coetzenburg, 41
Laat berigte, 42
Matielandfonds, 43

VOORBLADFOTO:

Enig in die wye wêreld:
Maties
voor La Gratitude
in Dorpstraat
Stellenbosch!
Foto: Alice Mertens, Dept. Beeldende Kunste, U.S.

BRONSPLAAT IN DIE VOORPORTAAL
VAN DIE NUWE GEBOU VIR
INGENIEURSWESE UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH

Redaksioneel

'n Universiteit met sy oog op die Toekoms

Die dae van geleerdes wat in ivoortorings verskans is, is verby. Daar word eenvoudig nie meer aan die *voete* van Gamaliël gesit nie! Dat daar niks nuuts onder die son is nie, is ook nie meer waar nie – nie die beste geleerde kan in sy vak by al die *nuwe kennis* byhou nie, want die nuwe dinge word nie meer net deur Marco Polo's en Copernicusse ontdek nie. Ook weet ons dat daar nie in die appeltyd 'n toename in die aarde se aantrekkingskrag is nie . . . Baie, baie lank gelede is al gewaarsku: „Die gevolg mag wees 'n leermeester van dwase."

Daar is oneindige diepte in die leuse van die Universiteit van Valladolid: „Sapientia Aedificavit Sibi Domum" (Spreuke 9 : 1). Ook die wyse *man* weet waarop *hy* sy huis moet bou. Van hom word nie 'n ewe ou gesegde gebesig nie: „Ek sien die goeie (beter) pad, en keur dit goed, maar ek volg die slegte (swakkere)."

Die vroeë geleerdes wat 'n universiteit bestempel het as „'n volledige inrigting vir hoër onderwys" was dalk onder die waan dat as hulle te sterwe kom, die wysheid ook saam met hulle tot 'n einde sou kom. Dit is vandag net mooi onmoontlik (al is daar maar weinig wat vandag nog onmoontlik mag wees) om 'n *volledige* inrigting selfs maar vir 'n enkele studierigting te hê. Geen skool van geleerdheid sou hom aanmatig om homself as sodanig te bestempel nie. Slegs 'n skool wat selftevrede agtertoe kyk, mag dalk dink dat hy die „volledige" kennis in pag het.

'n Universiteit wat wakker en ondernemend ingestel is, vergeet nooit sy verlede nie, is trots op sy erfenis uit die verlede, en soek veral na maniere waarop studente en fakulteite in die verskillende dissiplines kan saamwerk, nie net vir die hede nie, maar veral met die oog op die toekoms.

Pilatus was nie die eerste, en definitief nie die laaste soeker na „waarheid" nie. Dit is veral vandag nodig dat die kragte op soek na waarheid die wysheid sal hê om hulle ywer toe te spits op dié rigtings waar hulle die nodigste is en om nuwe feite te integreer met bestaande kennis om dit verder te verryk.

Die gedagte dat die soeke na waarheid gepaard moet gaan met akademiese vryheid (die vryheid om te ondersoek), het reeds 'n algemene stelling geword. Die groot gevaar is egter dat die doel agter die kreet om „vryheid in die soeke na waarheid" deels mag spruit uit 'n natuurlike begeerte om so vry as moontlik van bande te wees.

Nou gebeur dit vandag meermale dat veral die tegnologie vinnig beweeg en belangrike uitvindings en ontdekkings gemaak word, maar dat die newe-effekte en toekomstige gevolge dikwels (nog) nie nagevors of bepaal is nie. Soms is die nadelige gevolge jare later wél merkbaar (soos nou met DDT); soms is dit moeilik bepaalbaar (soos hedendaagse permissiwiteit as moontlike sielkundige uitvloeisel van oordrewe skuldgevoel weens te streng toegepaste ortodokse dissipline) – maar die skade is gedoen!

Diegene wat pleit om volkome intellektuele vryheid vir fakulteit en student, en beweer dat bevredigende oplossings vir probleme slegs bereik kan word deur rasionele ondersoek en besprekings, moet ook in gedagte hou dat die implementering van die begeerde en nodige (?) veranderinge aan 'n universiteit en 'n land langs wettige weë moet geskied.

Elkeen het die reg op sy eie mening, en moontlik selfs om sy mening bekend te maak (of om homself in dié proses selfs aanstootlik te maak), maar geeneen het die reg om diegene wat ander sienings het hul eie verhoog te weier vanwaar ook hulle hul stellings bekend kan maak nie.

Dit sou seker toegelaat word om saam met 'n sinikus uit die na-rewolusionêre periode in Frankryk te waarsku dat *Vryheid* nie beteken ek mag doen wat ek lus

het nie; *Gelykheid,* ek is beter as jy nie, en *Broederskap*, wat joue is, is myne nie.

Die ware vryheid lê nog altyd in gehoorsaamheid aan die bande ook in die wetenskaplike soeke na die binnenste wese van dinge. Selfs 'n navorser moet eerlik wees in die doel van sy studie en nie die resultate van sy navorsing gebruik om voordele, sy regmatige aandeel te bowe gaande, te probeer afdwing nie. So word ook die wetenskaplike se integriteit bewaar en groei hy in gestalte groter as sy werk, en in sy gees ruimer as sy resultate.

Sulke manne maak 'n universiteit wat sy oog op die toekoms het en wat trag om sover moontlik 'n volledige inrigting vir hoër onderwys te wees.

Die Vise-kanselier

Dr. J. S. Gericke is op 'n Raadsvergadering van die Universiteit van Stellenbosch eenparig tot Vise-kanselier van die Universiteit herkies vir die termyn 2 April 1970 tot 1 April 1974.

Dr. Gericke het reeds die afgelope sewentien jaar in gemelde hoedanigheid gedien en die Raad het opregte waardering en dank aan hom betuig vir sy diens van die verlede en beste wense vir die toekoms aan hom gebring.

Aangesien die Kanselier, dr. B. J. Vorster, begryplikerwys nie die raadsvergaderings kan lei nie, val hierdie taak gereeld op die skouers van die Vise-kanselier.

In sy bedankingswoord het dr. Gericke gesê dat by al sy menigvuldige werksaamhede daar geen taak is wat hom meer bevrediging en vreugde gee as die Vise-kanselierskap van sy alma mater nie.

Vir die huidige studente en oud-Maties is dit 'n vreugde en 'n gerusstelling dat dr. Gericke nogmaals hierdie amp beklee.

Matieland bring sy beste wense aan dr. en mev. Gericke en bring 'n innige bede dat die seënende hand van onse Hemelse Vader nog verder op hulle, hulle huisgenote en hulle universiteit in sy volle omvang, mag rus.

Nuwe Kabinetslede en Administrateur

Dit is vir *Matieland* 'n groot genoeë en 'n voorreg om die volgende oud-Maties geluk te wens met hul nuwe poste in die hoogste landsbestuur:

Mnr. J. J. Loots, voorheen Adjunk-minister van Finansies en Ekonomiese Sake, is nou Minister van Beplanning en Kleurlingsake.

Mnr. Theo Gerdener, voorheen Administrateur van Natal, het Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling geword.

Mnr. W. W. B. Havemann, L.V. vir Odendaalsrus, het Administrateur van Natal in die plek van mnr. Gerdener geword.

Matieland bring ook sy gelukwense aan die ander twee nuwelinge in die Kabinet t.w.:

Mnr. A. H. du Plessis, L.V. vir Windhoek, wat Adjunk-minister van Finansies en Ekonomiese Sake geword het, en

Dr. S. W. van der Merwe, L.V. vir Gordonia, wat Adjunk-minister van Volkswelsyn, Pensioene en Kleurlingsake is.

DR. G. S. J. KUSCHKE

Dr. Kuschke, lid van die Universiteitsraad van Stellenbosch as benoemde deur die donateurs, is deur die Regering aangestel as die nuwe Voorsitter van die Nywerheidontwikkelingskorporasie. Hy volg in dié hoedanigheid wyle dr. H. J. van Eck op.

Formele Opening van Akademiese Jaar Gewysig

Die Universiteitsraad het dit goedgekeur dat die formele openingsplegtigheid van die akademiese jaar met ingang 1971 verskuif word na 'n aandfunksie, en wel op die aand van die eerste Maandag van die akademiese jaar. Die formele openingsfunksie sal dus op *Maandagaand, 22 Februarie 1971*, plaasvind.

Vir baie jare was hierdie funksie 'n oggendfunksie op 'n Woensdag.

Ons Eer Hul Nagedagtenis

PROF. J. H. NEETHLING (18.5.87 – 25.3.70)

Prof. Jan Neethling, kleinseun van sy beroemde oupa ds. J. H. Neethling wat een van die grondleggers van die Victoria-Kollege was, was een van die twee eerste hoogleraars in Landbou aan U.S. Hy is in 1917 as hoogleraar in Landbou-plantkunde en in 1923 in Erflikheidsleer aangestel. In 1959 het hy afgetree.

Op 13-jarige leeftyd het hy as penkop teen die Engelse geveg tydens die Tweede Vryheidsoorlog. In 1906 het hy op Stellenbosch gematrikuleer. Die Intermediêre Eksamen is te Stellenbosch afgelê en sy landbou- en veekundige studies, B.Sc. en M.Sc., is aan die Universiteit Cornell afgelê.

In sy aktiewe dienstyd het hy die stryd gevoer teen verwoestende koringsiektes deur steeds nuwe koringcultivars te teel. Hy is in 1917 met mej. Rita Joubert, wat hom etlike jare gelede ontval het, getroud. Die egpaar was kinderloos.

Prof. J. H. Neethling, of Oom Jan soos baie hom genoem het, soos hy daar uitgesien het op die aand van die groot vleisbraai vir oud-Maties in 1966 op Coetzenburg.

GRONDLEGSTER VAN DEPARTEMENT HUISHOUDKUNDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH OORLEDE

Mev. Ivy M. Knowles, beter bekend as *Miss Ivy,* is op Dinsdag, 16 Junie 1970 in die Harewoodverpleeginrigting, Plumstead, oorlede. Sy was die laaste paar maande ongesteld.

Met die instelling van 'n kursus in Huishoudkunde aan die Universiteit van Stellenbosch het die keuse op haar geval om die nuwe departement te begin. Die taak het sy op 1 Oktober 1925 met toewyding, geesdrif en liefde aangepak. Sy het hier gekom toe daar hoegenaamd niks was nie; geen klaskamers, studente of kursusse nie.

Die pos van Senior Lektrise in Huishoudkunde het sy tot 30 Junie 1930 beklee waarna sy in die huwelik getree het met wyle dr. Harry Knowles. Vóór huishoudkunde-opleiding vir graaddoeleindes in Suid-Afrika bestaan het, is die jong onderwyseres, *Ivy van der Merwe,* met 'n regeringsbeurs na Kanada om in die Huishoudkunde te studeer. Daar het sy die B.Sc.-graad in Huishoudkunde behaal. Terug in Suid-Afrika is sy as voorligtingsbeampte aangestel en het sy die hele Vrystaat, Oostelike Kaapprovinsie, Kaapse Middellande, Botswana en Lesotho bedien.

Haar lewensdoel was om voor te lig en op te bou

en die steeds groeiende wetenskap binne die bereik van elke vrou te bring. Dit was dan ook geen wonder dat selfs nadat sy nie meer aktief aan die openbare lewe deelgeneem het nie, mense nog gedurig na haar om raad gegaan het.

MNR. F. C. M. VOIGT

Mnr. Frederick C. M. Voigt (B.A. Stell.) is op 2 Junie op De Grendel, die plaas van sy skoonseun sir De Villiers Graaff, begrawe. Hy is op 1 Junie in die ouderdom van 91 jaar oorlede en laat sy twee dogters, lady Ena Graaff en mev. Toekie van der Burgh agter. Mnr. Voigt was voorheen waarnemende prokureur-generaal van die Vrystaat en provinsiale sekretaris van Kaapland. Hy het in 1939 reeds afgetree.

PROF. N. P. VAN WYK LOUW (D.Litt. (h.c.) Stell. 1966)

N. P. van Wyk Louw, professor in Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Witwatersrand, is op 18 Junie 1970 in die ouderdom van 64 jaar oorlede. Prof. Ernst van Heerden het van hom gesê: „Met sy dood verloor die Afrikaanse letterkunde sy grootste, sy indrukwekkendste gestalte. Deur sy werk het ons letterkunde internasionale status gekry en sy digterlike stem is een van die groot stemme in die wêreldletterkunde van ons tyd."

Suid-Afrika is blywend verryk deur die geestelike nalatenskap van die gestorwene. Hy leef voort in die onsterflike werke van sy *beiteltjie*.

Innige meegevoel word betuig met sy eggenote, sy kinders en kleinkinders.

PROF. B. J. SCHLEBUSCH

Professor Barend Johannes (Bob) Schlebusch, in lewe hoof van die Departement van Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria, is op 5 Junie in die Groote Schuur-Hospitaal na 'n opehartoperasie oorlede. Hy het in 1939 die B.A.-, in 1940 die M.A.- en in 1946 die D.Phill.-grade op Stellenbosch behaal.

MNR. P. J. RETIEF

Mnr. P. J. Retief van Robertson, oud-inspekteur van skole, is op 23 Junie in die ouderdom van 85 jaar oorlede. Hy het die B.Sc.-graad nog aan die Victoria-Kollege behaal. Hy word oorleef deur sy eggenote en drie seuns.

MEJ. LETTIE LOUBSER

Mej. Lettie Loubser, B.A. III, is op 22 Maart oorlede as gevolg van 'n motorbotsing naby Faure. Sy was 'n inwoonster van Lydia.

Agt jaar gelede was sy ook 'n insittende in 'n motor wat in 'n ongeluk betrokke was. By daardie geleentheid is haar moeder gedood. Opregte meegevoel word betuig met haar vader, mnr. Pietie Loubser van die Paarl.

TWEE MATIES VERONGELUK

Mnr. Tjaart van der Walt (B.Sc., B.Ing. III), seun van mev. L. van der Walt van Crudenbay-weg, Greenside, Johannesburg, en
Mnr. Pieter Bakker (B.Sc., B.Ing. I), seun van mnr. J. D. Bakker van Derdestraat, Linden, Johannesburg, is op 19 Junie gedood toe hulle motor by Christiana teen 'n brug gebots en twintig voet afgeval het.
Mej. Ilse Steyn (B.A., S.O.D.), dogter van mev. J. K. Steyn, Cadoganweg, Mondeor, Johannesburg, is in 'n beseerde toestand in die hospitaal opgeneem. Die drie studente was op pad huis toe met vakansie.

Die Universiteit spreek sy innige meegevoel met die drie gesinne uit.

Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid—6 Maart 1970

Tydens die aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid van U.S. is diplomas en grade aan 317 studente verleen en is o.a. ook twaalf doktorsgrade toegeken.

Die Rektor van die Universiteit, prof. J. N. de Villiers, het die diplomas en grade toegeken. Hy het die nuwe gegradueerdes en hulle families hartlik gelukgewens en die hoop uitgespreek dat elkeen nog verder sal leer van sy seniors, uit sy ondervinding en verdere studie. Hy vra hulle om hulle erkentlikheid te betoon deur voortaan te gee waar hulle vantevore grotendeels ontvang het, tot vreugde vir elkeen self, tot vrug van ons land en tot eer van God.

Die Nuwe Doktore

C. G. DE VRIES, D. ED.

Dr. C. G. de Vries, een van die vise-rektore van die Paarlse Opleidingskollege, het die graad D.Ed. verwerf op 'n proefskrif „Die Teoretiese Pedagogiek van M. J. Langeveld". Dr. de Vries het die pedagogiese denke van Langeveld geïnterpreteer, verhelder en aangetoon dat Langeveld daarin geslaag het om met die fenomenologie as kenmetode 'n nuwe pedagogiek, wat as 'n outonome wetenskap kan kwalifiseer, die lig te laat sien. As promotor vir die proefskrif het opgetree prof. C. F. G. Gunter.

Dr. de Vries wat in 1932 op Riversdal gebore is, het in 1961 die graad B.Ed. en in 1963 die graad M.Ed. aan U.S. behaal.

G. DE WET, PH. D. (ING.)

Dr. Gideon de Wet, senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese aan U.S., het die graad Ph.D. (Ing.) verwerf op grond van 'n proefskrif „Die Ontwikkeling van 'n Syferrekenaar met 'n Doeltreffende Programmeerbare Iteratiewe Struktuur". In sy verhandeling het hy bewys dat dit voordeliger en ook doeltreffender sal wees om geïntegreerde baanelemente só op te stel dat dit deur middel van programmeerbare struktuurkoppeling ingewikkelde berekeninge met die minimum van elemente, tyd en koste akkuraat kan uitvoer. Die promotor vir die proefskrif is prof. C. L. Olën.

Dr. de Wet is te Karasburg, S.W.A., gebore. Hy het aan U.S. die grade B.Sc., B.Ing. behaal. Hy is tans in Brittanje waar hy aan die Universiteit van Cambridge 'n gevorderde kursus in Outomatiese Beheertegniek volg. Dr. de Wet is getroud met mej. Hanna Jordaan (lektrise in Huishoudkunde) en die egpaar het een dogter.

C. S. DU PLESSIS, PH. D. (LANDBOU)

Dr. Charl Stegmann du Plessis, tans hoofvakkundige beampte aan die Navorsingsinstituut vir Wynkunde en Wingerdbou, het die doktorsgraad in Landbou verwerf met 'n proefskrif oor: „A Study of Wine Bouquet Precursors in Grapes". Die studie behels 'n ondersoek na druifstowwe wat deur middel van gisting aanleiding tot wyngeurstowwe gee en derhalwe ook wynkwaliteitsfaktore is. Die promotor vir die proefskrif is prof. C. J. van Wyk en prof. L. de Wit is die mede-promotor.

Mnr. du Plessis is in 1926 in die distrik Philipstown gebore. Hy het die graad B.Sc. in Landbou (Wynbou-Wynbereiding) in 1947 en in 1960 die graad M.Sc. behaal. Hy is getroud met mej. Joan Coleman van Pinelands en die egpaar het vier kinders.

W. J. O. JEPPE, D. PHILL.

Dr. W. J. O. Jeppe, lektor in Bantoereg en -administrasie aan U.S., het die graad D.Phil. verwerf op 'n proefskrif „Die Ontwikkeling van Bestuursinstellings in die Westelike Bantoegebiede (Tswana-tuisland)". Die proefskrif behandel o.a. die ontwikkeling van die bestuursinstellings op verskillende vlakke en die stappe

om aan hierdie Bantoevolk 'n groeiende mate van administratiewe en politieke selfstandigheid te gee.

Die eksaminatore was prof. N. J. J. Olivier (promotor), prof. W. B. Vosloo (interne eksaminator), albei van U.S. en prof. B. S. van As (eksterne eksaminator) van Unisa.

Dr. Jeppe het in 1953 gematrikuleer aan die Hoërskool Hottentots-Holland en die grade B.A. in 1957, Honneurs-B.A. (cum laude) in 1959 en M.A. in 1961 aan U.S. verwerf.

A. J. H. LABUSCHAGNE, D. SC.

Dr. A. J. H. Labuschagne, lektor in Chemie aan U.S., het die graad D.Sc. verwerf op 'n proefskrif „Die Sintese en Spektroskopiese Eienskappe van Kruisgekonjugeerde Sisteme". Die navorsing handel oor die ontwikkeling van algemene sinteses vir 'n verskeidenheid van kruisgekonjugeerde diësters waardeur hierdie moeilik bekombare verbindings vir die eerste keer vir spektroskopiese studies beskikbaar gestel is. Hierdie navorsingswerk sal van groot waarde wees wanneer die spektroskopiese eienskappe van ander onbekende kruisgekonjugeerde verbindings voorspel moet word.

Dr. Labuschagne is op 9 April 1928 te Johannesburg gebore en het die B.Sc.- en M.Sc.-grade te Pretoria verwerf. Hy is getroud en die egpaar het vyf kinders.

DS. A. A. ODENDAAL, D. TH.

Dr. A. A. Odendaal, rektor van die Teologiese Skool van die N.G. Kerk te Witzieshoek, het die graad D.Th. verwerf op 'n proefskrif getitel: „Die Nederduitse Gereformeerde Sending in die O.V.S."

Hy het in sy proefskrif die ontwikkelingsgang van die sendingwerk in die O.V.S., vanaf die binnekoms van die eerste Blankes tot by die konstituering van 'n eie Sinode vir die Bantoegemeentes in 1910, geskets. Die promotor vir die proefskrif is prof. W. J. van der Merwe.

Dr. Odendaal is in 1917 te Standerton gebore en het sy teologiese opleiding aan die Sendinginstituut te Wellington ondergaan.

Hy is getroud met mej. Elise Palm van Robertson en die egpaar het vier seuns van wie die oudste vanjaar sy teologiese studie op Stellenbosch sal voltooi.

C. J. ROELOFSE, D. COMM.

Dr. Cornelius Johannes Roelofse, 'n 48-jarige sakeman, het die graad D.Comm. verwerf op grond van 'n proefskrif „Munisipale Investering en Spandering in Kaapland". Die promotor is prof. J. van der Meulen, hoogleraar in Besigheidsbestuur en -administrasie.

Die finansiële state vir die 5 jaar, 1962–1966, van 'n groot aantal munisipaliteite wat 90% van die belasbare waardasie van Kaapland verteenwoordig, is ondersoek. Hy sien die munisipale onderneming as 'n *groot besigheid* wat aan die toetse van doeltreffendheid moet voldoen. Die belastingbetalers (aandeelhouers) is geregtig op meer presiese inligting.

Dr. Roelofse het in 1942 die graad B.Comm. aan U.S. verwerf en in Maart 1961 die graad M.Comm.

Dr. Roelofse is 'n boer en direkteur van maatskappye. Hy was gedurende 1966–1969 Burgemeester van Somerset-Wes en is lid van die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede. Hy is getroud en het drie seuns.

P. N. J. SNIJMAN, D. ED.

Dr. P. N. J. Snijman, senior lektor in Latyn aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het die graad D.Ed. verwerf op 'n proefskrif „Die Programmering van Aanvangslatyn vir Afrikaanssprekendes".

Die navoring het in hoofsaak gegaan oor die opstel, voorlopige toetsing en evaluering van, asook die uiteindelike vergelyking tussen twee lineêre leerprogramme vir Aanvangslatyn – een opgestel volgens die Tradisionele (Grammatika-) Metode van Latynonderrig en die ander opgestel volgens 'n direkte leesmetode. Die promotor vir die proefskrif is prof. J. F. A. Swartz, hoogleraar in Didaktiek aan U.S.

Mnr. Snijman is op 9 Oktober 1933 te Morgenzon (Tvl.) gebore. In 1953 behaal hy die graad B.A. en in 1955 die graad M.A. (Latyn) sowel as die Sekondêre Onderwysersdiploma aan U.S. en later die grade B.Ed. (1961) en M.Ed. (1964). Mnr. Snijman is getroud met mej. Helena Huysamen en die egpaar het twee kinders.

S. E. TERBLANCHE, PH. D. (LANDBOU)

Dr. Stephanus Esaias Terblanche (29) het die graad van doktor in die Wysbegeerte in Landbou verwerf met die Proefskrif „Die Invloed van Verskillende Moutprosesse op die Kwaliteitseienskappe van Garsmout". Die promotor is prof. J. L. de Wit.

Dr. Terblanche het in 1957 aan die Hoër Seunskool te Oudtshoorn gematrikuleer. In 1961 het hy die graad B.Sc.-Landbou en in 1965 die graad M.Sc.-Landbou met Biochemie as hoofstudierigting aan U.S. verwerf. Hy is getroud met mej. Annelie Rossouw en die egpaar het twee dogters. Hy is Senior Vakkundige Beampte

by die Departement van Landbou-Tegniese Dienste aan die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege en is ook 'n bekende in atletiekkringe.

P. P. VAN JAARSVELD, PH. D.

Dr. Pieter Paul van Jaarsveld, biochemikus verbonde aan die Karl Bremer-hospitaal in Bellville, het die graad Ph.D. verwerf op grond van 'n proefskrif getitel „A Study of Thyroidal Iodo-proteins in a Congenital Goitre". Dr. Van Jaarsveld het aan U.S. gestudeer en het die grade B.Sc. (1960), Hons.-B.Sc. in Plantfisiologie (1963) en M.Sc. (1964), laasgenoemde twee grade met onderskeiding, behaal. In 1966 het hy ook die graad Hons.-B.Sc. in Chemie behaal. Die promotor vir sy doktorstudie is prof. Andries van Zyl, hoogleraar in Farmakologie aan U.S.

Sy navorsing handel oor die abnormale jodoproteïen samestelling van die kropgeswel. Vanweë die ontdekking van 'n sub-eenheid van tiroglobulien in die krop het die werk gelei tot 'n herklassifikasie van kropgeswelle.

Dr. Van Jaarsveld is getroud met mej. Ester Visser van Pofadder en die egpaar het twee seuns.

R. J. VAN WYK, D. COMM.

Prof. Rias Johan van Wyk, hoogleraar in Ekonomie aan U.O.V.S., het die graad D.Comm. verwerf op grond van 'n proefskrif getitel „Economic Aspects of Scientific Research in South Africa". Die promotor vir die proefskrif is prof. J. L. Sadie van U.S.

Prof. Van Wyk is in 1937 in Pretoria gebore en het in 1957 die B.Comm.-graad en in 1960 die M.Comm.-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. In 1963 was hy as ekonoom verbonde aan die Visserye-ontwikkelingskorporasie en in 1964 keer hy terug na die Afdeling Bedryfsekonomie van die W.N.N.R. In 1966 het hy aan die Universiteit van Harvard die graad M.P.A. behaal. In Augustus 1969 is hy in sy huidige betrekking aangestel. Prof. Van Wyk is getroud met mej. Erna Kirchner en die egpaar het twee seuns.

P. E. WALTERS, D. SC.

Dr. P. E. Walters, lektor in Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch, het die graad D.Sc. behaal op 'n proefskrif getitel: „Ondersoek na die Interelementeffek van Zn op Si en Cu in aluminiumallooie". Die promotor vir die proefskrif is prof. P. B. Zeeman van U.S.

Deur die navorsing is veel bygedra tot die kennis van die interelementeffekte wat 'n belangrike rol in die emissie-spektrochemie speel. Die eksaminatore was dr. A. Strasheim (ekstern), Direkteur van die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium in Pretoria en dr. W. J. Naudé (intern) van U.S.

Dr. Walters het in 1968 gematrikuleer aan die Hoërskool Piketberg en het die grade B.Sc., Honneurs-B.Sc. en M.Sc. (cum laude) in 1964 aan U.S. verwerf. Hy is getroud met mej. Petro Carstens en die egpaar het twee kinders.

DIE NUWE DOKTORE

Doktore aan wie tydens die Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid op 6 Maart, doktorsgrade toegeken is, saam met ampsdraers van die Universiteit.

V.l.n.r., voor: Drr. C. S. du Plessis (Ph.D. Landbou), A. A. Odendaal (D.Th.), mnr. R. P. Conradie (Registrateur, Akademies), prof. J. N. de Villiers (Rektor), mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur, Finansieel), drr. P. N. J. Snijman (D.Ed.) en C. J. Roelofse (D.Comm.)
Agter: Drr. W. J. O. Jeppe (D.Phil.), S. E. Terblanche (Ph.D. Landbou), R. J. van Wyk (D. Comm.), P. E. Walters (D.Sc.), A. J. H. Labuschagne (D.Sc.) en C. G. de Vries (D.Ed.).



Nuwe Geboue

Inwyding van die Nuwe Hoofgebou vir Ingenieurswese

'n Lang gekoesterde ideaal is op Vrydag, 1 Mei 1970, vervul toe die nuwe hoofgebou van die Fakulteit van Ingenieurswese amptelik ingewy is, hoewel die eerste klasse reeds gedeeltelik in 1969 daar begin het. Die gebou is langs Banhoekweg op die terrein van die ou gholfbaan van vroeër dae geleë. Oud-maties sal dus 'n idee kan vorm van die noordwaartse uitbreiding van U.S. wat feitlik 'n tweede akademiese kampus begin vorm. Die Bosbougebou is reeds op daardie selfde terrein en die gebou vir die Rekenaarsentrum sal ook al in gebruik geneem wees wanneer hierdie blad verskyn.

DIE GASTE

Sy Edele S. P. Botha, Minister van Waterwese en Bosbou, was by dié geleentheid die hoofspreker. Mev. Botha het hom vergesel.

Onder die 400 gaste was o.a. prof. R. L. Straszacker, tans Voorsitter van Evkom. Hy was die eerste professor aan U.S. in Werktuigkundige Ingenieurswese. Vise-admiraal H. H. Bierman, Hoof van die Vloot, het van Simonstad oorgekom. Mnr. J. G. H. Loubser het as Adjunk-Hoofbestuurder die S.A.S. verteenwoordig. Prof. H. B. Thom, Oud-rektor van U.S., kon die genoeë smaak om die inwyding van die eerste fase van die ingenieurskompleks te geniet. Prof. C. G. W. Schumann, President van die Konvokasie, het die Oudmaties verteenwoordig.

Van akademiese kant was teenwoordig prof. J. E. B. Jennings, lid van die S.A. Raad vir Professionele Ingenieurs en Hoof van die Dept. van Siviele Ingenieurswese, Universiteit Witwatersrand; prof. P. Metcalf, Hoof van die Dept. van Meganiese Ingenieurswese van Universiteit Kaapstad, asook die oud-professore van die Fakulteit van Ingenieurswese van U.S. : proff. A. Heydorn en J. M. le Roux, en hoofde van hoërskole van die omgewing.

'n Groep van vyf-en-veertig oud-Ingenieurstudente van U.S. het spesiaal vir die feestelike geleentheid van die Rand af gekom.

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers, het as voorsitter opgetree, die gaste verwelkom en warme hulde gebring aan die donateurs en alle ander persone en liggame wat die oprigting van die gebou moontlik gemaak het.

In sy skriflesing (Job 28) en in sy gebed het ds. D. J. Hattingh op treffende wyse die intieme verwantskap tussen die wetenkap en die gelowige beklemtoon.

PROF. H. L. REITZ

Die verrigtinge het in die onderste saal van die gebou plaasgevind. Die saal is vernoem na wyle prof. H. L. Reitz, die eerste professor (1941) in en stigter van die Fakulteit van Ingenieurswese (1944). Dit bied sitplek aan 350 persone. Die studente het die verrigtinge in twee aangrensende sale deur middel van geslotebaan televisie gevolg. Die gaste in die Reitz-saal self het op televisie gesien hoe die naamplaat *Reitz-saal* deur dr. Straszacker onthul is.

BEPLANNING

Die hoofgebou vorm deel van 'n groot gebouekompleks wat in verskillende stadiums voltooi word. Hierdie gebou wat besonder funksioneel en artistiek ontwerp is deur die argitek mnr. J. B. Collins, bevat die lesingsale vir die studente van die eerste drie jaargange, asook drie baie groot tekensale wat toegerus is met tekenbanke wat deur die dosente in Werktuigkundige Ingenieurswese ontwerp is. Verder huisves die gebou al die administratiewe kantore van die Fakulteit.

Gedurende Februarie 1968 is 'n sending bestaande

Inwyding van die Nuwe Ingenieursgebou op 1 Mei 1970 deur Sy Ed. S. P. Botha, Minister van Waterwese en Bosbou.
V.l.n.r.: Dr. D. J. Hattingh (predikant van die gemeente Stellenbosch-Welgelegen), proff. J. W. R. de Villiers (Toegepaste Wiskunde), J. N. de Villiers (rektor), J. F. Kemp (dekaan Fakulteit van Ingenieurswese), Sy Ed. S. P. Botha, proff. R. L. Straszacker (voorsitter van Evkom) en O. Wipplinger (Siviele Ingenieurswese).

uit mnre. A. Coetzee, H. V. Hattingh en J. F. Uys na Europa om 'n studie te maak van moderne ingenieurslaboratoriums en hulle toerusting. Hulle opgedane kennis is o.a. gebruik vir die beplanning van die sowat 20 moderne laboratoriums wat in die nuutste vereistes vir die verskillende studierigtings voorsien.

Die lesingsale is ingerig vir kringtelevisie, spesiale tekenmasjiene is vir die tekensaal ontwerp en voorsiening word gemaak vir die installering van rekenfasiliteite in sentrale kamers wat van lugreëling voorsien is.

Die laboratoriums word voorsien van alle nodige hulpmiddele soos hyskrane, verdofbare ligte, ventilasie, kringtelevisie en dataversameling vir direkte voer van eksperimentele waarnemings aan 'n rekenaar vir verwerking.

Die ander departementele geboue, ook dié vir Chemiese Ingenieurswese en die Tegniese Biblioteek, is nog in die beplanningstadium. Die hele projek moet teen die einde van 1972 voltooi wees teen 'n koste van R4.3 miljoen.

PROF. R. L. STRASZACKER

Die Straszacker-kommissie het in 1965 die behoefte aan ingenieurs met nagraadse opleiding sterk beklemtoon. Die Kommissie het aanbeveel dat 20% (en uiteindelik 30%) van diegene wat Baccalaureusgrade in die Ingenieurswese behaal, behoort voort te gaan na 'n Magistergraad en dat 10% tot op doktorsvlak moet studeer – en vir hulle moet aan die universiteite voorsiening gemaak word, veral vir navorsing. Die Universiteit van Stellenbosch doen op duidelike wyse alles in sy vermoë om genoemde ideale te help verwesenlik.

(Enige voornemende student word genooi om om volledige informasie oor al die studierigtings aan U.S. te skryf.)

Omdat Stellenbosch die enigste universiteit in ons land is wat vyf jaar studie vir 'n graad in Ingenieurswese vereis, word die dubbele graad B.Sc., B.Ing. toegeken.

Prof. R. L. Straszacker wat een-en-twintig jaar aan hierdie Fakulteit verbonde was tot hy agt jaar gelede vertrek het, het in sy toespraak na sy oud-studente verwys en o.a. prof. J. F. Kemp, die huidige Dekaan van die Fakulteit, as voorbeeld genoem en hom gelukgewens met sy aanstelling as een van die Onderpresidente van die W.N.N.R. vanaf die begin van 1971. *Hy het 'n sterk pleidooi gelewer vir die vyfjarige kursus op Stellenbosch om sodoende die bolaag van skeppende ingenieurs te lewer.*

TOEWYDING

Hierna het mnr. J. A. de Wet, Voorsitter van die Vereniging van Ingenieurstudente van Stellenbosch, twee vlagpale namens die studente aan die Fakulteit oorhandig as blyke van trou van die Ingenieurstudente aan, en in diens van hulle land.

Sy Edele S. P. Botha, Minister van Waterwese en Bosbou, het die hoofrede gelewer en gesê dat wat hier gesien word, die kulminasie van die ideale en begeertes oor 'n lang periode is. Daar het reeds 876 studente op Stellenbosch in Ingenieurswese gepromoveer; die huidige inskrywing van 814 studente dui op 'n versnelde groeikoers en daarom is dit realisties dat die nuwe geboue voorsiening maak vir 1 400 studente.

Die Minister het beklemtoon dat daar 'n ernstige tekort aan ingenieurs is, dat ondanks die opleiding wat plaasvind daar 'n jaarlikse agterstand van 180 is. Die las op S.A. se blankes is ook in hierdie opsig groot, want in die behoeftes van die groot gekleurde bevolkingsdeel moet ook deur die blankes voorsien word. Die toekomstige waterbehoeftes en kusverdediging stel ook sulke hoë eise dat die koers van opleiding in S.A. hoër as in enige ander land moet wees.

Die Staat het derhalwe 'n spesifieke verpligting teenoor universiteite en 'n deel van die volksproduk moet aan die opleiding van die volk bestee word, maar die Minister het dit duidelik gestel dat die private sektor meer behoort by te dra tot die opleiding van diegene wat deur hulle in diens geneem word. Daar is lofwaardige voorbeelde van die private sektor wat sorg vir die finansiering van die opleiding van hulle toekomstige werknemers, maar daar is diegene wat net „parasiteer" – en dit is onbillik!

Die Minister het sy trots op die Universiteit van Stellenbosch uitgespreek, asook sy dankbaarheid teenoor die dosente en studente vir wat hulle reeds tot stand gebring het.

In sy bedankingswoorde het prof. J. F. Kemp, die Dekaan, gesê dat dit vir die Ingenieurs die begin van 'n nuwe era is.

Die Langenhoven-Gedenksaal en Studentesentrum

Verslag van Assessore

AANTAL INSKRYWINGS:

Die prysvraag was beperk tot 17 argitekte, wat uitgenooi is om ontwerpe voor te lê. Elf ontwerpe is ontvang en die Assessore is van mening dat alle insenders kwalifiseer vir die premie volgens die prysvoorwaardes neergelê.

GEHALTE VAN ONTWERPE:

'n Besoner hoë gehalte ontwerpstandaard is deurgaans gehandhaaf en die promotors dien gelukgewens te word met 'n besonder gelukkige keuse van deelnemers. Dit is duidelik uit die voorleggings dat sommige deelnemers op baie stoutmoedige wyse die ordening van die hele kampus probeer betrek het met hulle beplanning. Andere weer het die meer beperkte en strenger omlynde uitdaging aanvaar van slegs 'n besondere gebou vir 'n besondere perseel te ontwerp.

Die taak van die Assessore is vergemaklik deur die volledige en aanskoulike wyse waarop die deelnemers hul voorleggings uitgebeeld het met modelle en uitvoerige perspektieftekeninge en sketse.

STYL OF UITDRUKKING:

Die kriteria vir beoordeling was, soos in alle prysvrae, deeglike en sinvolle beplanning. Die voorkoms of styl is alleen in ag geneem in soverre dit 'n eerlike uitdrukking van die plan self was.

BEKRONING:

Na grondige oorweging en ontleding van al die inskrywings het die Assessore eenparig tot die gevolgtrekking gekom dat skema no. 2 die beste beantwoord aan al die vereistes wat gestel is.

SKEMA NO. 2
VERKEERSROETES:

Die deelnemer het 'n besonder intensiewe studie gemaak van die manier waarop die sentrum inskakel by die huidige verkeerspatroon en die moontlike toekomstige ontwikkelings. Sy skema is baie goed aangepas hierby.

Ook wat studentebewegings op die kampus betref, is alle fasette ondersoek en die funksionele planoplossing getuig van die deelnemer se begrip van die groter probleem in sy geheel. Voortvloeiend hieruit is dit duidelik dat skema no. 2 op die breër terrein van die kampusplan sy bydrae maak.

AANPASSING BY OMGEWING:

Skema no. 2 slaag daarin om by die omliggende geboue aan te pas sonder om in sy aansigbehandeling enige toegewings te maak of sy beplanning geweld aan te doen.

INSKAKELING BY DIE DORPSPLAN:

Die plasing van die twee hoofelemente is daarop bereken om die Gedenksaal in formele verhouding te plaas tot die Stellenbosch-dorpsentrum, nl. op die middel-as van Neethlingstraat. Die informele Studentesentrum lê naaste aan die nuwe kampus.

Hoewel die voorwaardes nie spesiaal vra vir 'n monumentale beklemtoning van die Gedenksaal nie, voel die Assessore tog dat die gedenksaalaansigte van skema no. 2 te beskeie is vir die belangrike posisie wat dié gebou in die dorpsbeeld moet inneem, veral aangesien die plan hom leen tot 'n meer dramatiese inkleding.

ONDERLINGE VERHOUDING VAN ELEMENTE:

Hierdie skema beantwoord die beste aan die prysvraagvoorwaarde dat die verskeie elemente as 'n eenheid beplan word. Beweging van een element na die ander geskied besonder maklik en daar is ook 'n sterk visuele band tussen al die uiteenlopende onderdele.

UITVOERBAARHEID:

In die prysvraagvoorwaardes word die moontlikheid genoem dat die skema in verskillende fases uitgevoer sal word en die bekroonde ontwerp gee nougesette aandag aan die uitvoering van hierdie beleid. Vier agtereenvolgende stadia van ontwikkeling word op aanskoulike wyse geïllustreer op 'n stel foto's van die model wat deel uitmaak van die inskrywing.

Elke stadium is ontwerp om selfstandig te funksioneer en ten alle tye afgerond voor te kom. Hierdie benadering maak dit moontlik om die bouprogram te korreleer met die program van besteding van boufondse en die hervestiging van departemente wat by die ontwikkeling betrokke is.

KOSTE:

Die beraamde koste van R1,684,000 is na die mening van die beoordelaars, realisties.

Prof. J. N. de Villiers M.B., Ch.B., M.O. en G., F.R.C.O.G.
Dr. B. E. Biermann B.Arch., Ph.D., L.I.A., A.R.I.B.A.
J. D. P. van der Merwe B.Arch. L.I.A., A.R.I.B.A.

Model van die Langenhoven-gedenksaal en die Studentesentrum

Die model is gefotografeer tussen modelle van die omliggende geboue. Die dak van die model is afgehaal om min of meer 'n idee te gee van die binnekant. Voor, aan Victoriastraat, moet die Langenhoven-plein kom. In die voorsaal kom die uitstallings i.v.m. Langenhoven. Die gedenksaal moet 1 500 mense kan huisves. 'n Wandelgang loop oos-wes deur die gebou. Bo-oor die wandelgang is die kantoor vir die Studenteraad en ander liggame. Noord van die wandelgang is die kafeteria vir 1 000 persone, 'n danssaal vir 400 paartjies, die kombuis, kleiner ontvangsale, woonlokale vir die personeel, ontspanningsgeriewe en parkering onder die gebou. Hierna word fyner planne opgestel vir oorleg



met die Aksiekomitee en daarna die werkstekeninge. In S.A. bestaan daar nog nie 'n gebou van dié aard nie.

L. G. S.-KOMITEE ONTBIND

Nadat die Universiteitsraad kennis geneem het van die uitslag van die boukundige prysvraag i.s. die Langenhoven-Gedenksaal en die Studentesentrum, is besluit dat die Aksiekomitee i.s. die L.G.S. en die Studentesentrum sal bly voortbestaan om met die argitek te onderhandel en hom te adviseer i.v.m. die uitvoering van die projek.

In die lig van die voorgemelde besluit, het die Raad die Spesiale Komitee i.s. die Langenhoven-Gedenksaal ontbind.

DIE ASSESSORE BESIG OM TE BEOORDEEL

Dit het letterlik dae van studie en beraadslaging gekos om uiteindelik op 'n bepaalde plan te besluit. Vir die Assessore was elke inskrywing slegs 'n nommer. Die name was in afsonderlike verseëlde koeverte. Elke model was vergesel van 'n stel planne en ander toeligting. Aan elke deelnemende argiteksfirma is 'n sekere vergoeding in terme van die prysvraag uitbetaal.



Prof. J. W. R. de Villiers, Voorsitter van die Aksiekomitee i.s. die Studentesentrum en die Langenhoven-Gedenksaal, het so pas die verseëlde nr. 2-koevert oopgemaak om te sien wie die wenners van die prysvraag is en dit aan te kondig.

V.l.n.r.: Mnr. J. D. P. van der Merwe (Argitek), prof. J. N. de Villiers (Rektor van U.S.) en dr. B. E. Bierman van die Skool van Argitektuur, Universiteit, Natal.

Aanstellings en Bevorderings

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het die volgende bevorderings en aanstellings van personeel goedgekeur.

PROFESSOR IN BANTOETALE

Dr. J. A. du Plessis, senior lektor in Bantoetale aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, is met ingang 1 Oktober 1970 aangestel as professor in Bantoetale aan U.S. in die plek van prof. J. de Clercq wat die betrekking neergelê het.

Hy het die grade B.A. (met lof) en Hons.-B.A., in 1958 en 1959 onderskeidelik aan die Potchefstroomse Universiteit behaal. Aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1963 en 1967 die grade M.A. en D.Litt. onderskeidelik behaal.

Dr. Du Plessis was van 1960 tot 1968 lektor in Bantoetale aan P.U. vir C.H.O. en sedert 1969 senior lektor aan U.O.V.S. Hy is veral 'n kenner van verskeie Wes-Sotho (Tswana-) dialekte.

Prof. J. A. du Plessis



PROFESSORAAT IN BIBLIOTEEKKUNDE

Dr. D. L. Ehlers, tans senior lektor in Biblioteekkunde, is aangestel as professor in Biblioteekkunde met ingang 1 Julie 1970. Hy het in 1940 die B.A.-graad aan U.S. verwerf en in 1943 die Diploma in Biblioteekkunde aan U.K. In 1960 behaal hy die B.A. (Hons.)-graad in Filosofie aan UNISA en in 1962 die M.A.-graad aan U.K. In 1968 behaal hy die graad D.Phil. aan U.S.

Dr. Ehlers was gedurende die tydperk 1941 tot 1944 Assistent-Redakteur van *Die Landman* en gedurende 1944 tot 1946 was hy Biblioteekassistent by U.S. waarna hy agtereenvolgens Bibliotekaris aan die

Prof. D. L. Ehlers

U.K.O.V.S. (1946–1947), Streekbibliotekaris by die Transvaalse Provinsiale Administrasie (1947–1948), Senior Bibliotekaris en tweede in bevel by die Kaaplandse Biblioteekdiens (1948–1954), Onderhoofbibliotekaris van die Parlementsbiblioteek (1954–1962), en sedert 1962 Senior Lektor in Biblioteekkunde aan U.S. Hy is bestuurslid en voorsitter van die Wes-Kaaplandse tak van die S.A.B.V. en lid van die Administratiewe Raad en Onderwyskomitee van die S.A.B.V.

PROFESSOR IN PLANTSIEKTELEER

Dr. P. S. Knox-Davies, senior lektor in Plantsiekteleer aan U.S., se bevordering tot professor in dieselfde vak, is deur die Universiteitsraad en die Departement van Landbou-tegniese Dienste goedgekeur.

Hy het in 1951 die graad B.Sc. Agric. aan die Universiteit van Natal behaal, en die grade M.Sc. en Ph.D. in 1959 aan die Universiteit van Wisconsin in die V.S.A. Hy was van 1952 tot 1956 lektor in Plantsiektekunde en Mikrobiologie aan die Universiteit van Natal. Hy is sedert 1962 verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dr. Knox-Davies het wye erkenning vir sy navorsingswerk gekry en het reeds tien publikasies in vaktydskrifte gepubliseer. Hy is lid van verskeie Suid-Afrikaanse en Amerikaanse wetenskaplike verenigings en hy verteenwoordig Suid-Afrika in die Raad van die Internasionale Vereniging vir Plantsiektekunde.

Prof. P. S. Knox-Davies



PROFESSOR IN ELEKTROTEGNIESE INGENIEURSWESE

Dr. H. C. Viljoen, tans senior lektor is aangestel as professor in Elektrotegniese Ingenieurswese met ingang 1 Julie 1970. Hy het sy B.Sc., B.Ing.-grade in 1959 aan U.S. verwerf, waarna hy ook die M.Ing.-graad (1964) en die Ph.D. (Ing.)-graad in 1969 aan U.S. behaal het.

Dr. Viljoen het voor 1966 twee jaar nagraadse opleiding ontvang by Marconi Instruments in Brittanje en was 5 jaar ingenieur by die Department van Pos- en Telegraafwese. Daar het reeds 16 vakkundige publikasies uit sy pen verskyn. Dr. Viljoen is 32 jaar oud.

Ander Aanstellings

Mnr. W. S. Pretorius, as lektor in Wiskundige Statistiek.
Mnr. C. V. R. Wait, as lektor in Ekonomie.
Mnr. H. P. J. Prinsloo, as administratiewe beampte in die akademiese afdeling van die Administrasie.
Mnr. C. H. Terblanche, as administratiewe beampte in die Finansiële Afdeling van die Administrasie.

Bevorderings

REKENMEESTER

Mnr. A. J. van Tonder, assistent-rekenmeester van U.S., is bevorder tot Rekenmeester.

Prof. H. C. Viljoen



Mnr. A. J. van Tonder.

Hy het in 1952 aan die Hoërskool, Ladismith, gematrikuleer, waarna hy in diens van Barclays Bank D.C.O. getree het. In Januarie 1964 is hy as administratiewe beampte aangestel by U.S. waarna hy bevorder is tot senior administratiewe beampte (September 1966) en Assistent-Rekenmeester (September 1968).

Mnr. Van Tonder het die grade B.Comm. (1964) en Hons. B.Comm. (1967), as buitemuurse student, aan U.S. behaal.

Mnr. J. McKinnon tot senior lektor in Wiskunde.
Dr. E. M. Nel (mev. Bauermeister), tot senior lektrise in Sielkunde.
Mnr. G. J. P. Maas, tot Assistent-Rekenmeester van die Universiteit.
Mnr. C. H. Groenewald, tot senior administratiewe beampte in die Finansiële Afdeling van die Administrasie.
Mnr. G. Cloete, tot senior administratiewe beampte in die Akademiese Afdeling te Bellville.
Mnr. D. H. Deetlefs en
Mnr. N. D. de Koker tot senior administratiewe beamptes in die Akademiese Afdeling en
Mnr. J. Goosen tot senior administratiewe beampte in die Finansiële Afdeling van die Administrasie.

HOOGLERAAR VAN U.S. NA DIE V.S.A.

Prof. A. Nel, hoogleraar in Geografie aan die Universiteit van Stellenbosch, vertrek vroeg in 1972 na die V.S.A. om daar op 'n uitruilgrondslag aan die Western Washington State College te doseer. Prof. Nel se plek op Stellenbosch sal deur prof. Howard Critchfield, hoof van die Departement Geografie aan die Amerikaanse Universiteit, ingeneem word. Dit is die eerste maal in die geskiedenis van U.S. dat 'n direkte professorale uitruiling op hierdie grondslag gereël word.

Prof. Critchfield is 'n klimaatkundige van wêreldformaat en het reeds baie publikasies tot sy krediet. Hy het ook reeds etlike kere in Nieu-Seeland opgetree as besoekende professor.

Prof. Nel is ewe eens welbekend in Suid-Afrikaanse akademiese kringe, o.a. is hy die eerste aardrykskundige aan wie die Stals-prys deur die S.A. Akademie toegeken is. Dit sal prof. Nel se derde besoek aan die V.S.A. wees. Hy is van voorneme om na afloop van sy doseerverpligtinge in die V.S.A. ook na Kanada te gaan om in Augustus 1972 die Internasionale Geografiese Kongres in Montreal by te woon.

MEJ. A. MERTENS

Mej. Alice Mertens, lektrise in fotografie in die departement van Beeldende Kunste van U.S., het die toekenning „Fellow of the Royal Photographic Society of Great Britain" ontvang. Sy is die eerste dame in S.A. wat hierdie onderskeiding behaal het.

HULP MET NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING

Die Universiteitsraad het n.a.v. 'n versoek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, goedgekeur dat proff. F. C. Fensham en P. A. Verhoef gedurende die drie jaar 1971 tot 1973 van ongeveer die helfte van hulle onderskeie doseerpligte onthef word ten einde behulpsaam te kan wees met die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.

Nuwe Kursusse

ARGEOLOGIE AS VAK VIR B. A.

Die Universiteitsraad het 'n kursus in Argeologie goedgekeur. Dit sal 'n volwaardige kursus vir die B.A.-graad wees. In Suid-Afrika bestaan daar 'n behoefte aan meer opgeleide argeoloë om akademiese poste en veral ook poste in die museumwese te vul.

Suid-Afrika, met sy rykdom aan argeologiese materiaal, bied groot moontlikhede vir intensiewe navorsing en met die instelling van hierdie kursus in Argeologie kan Stellenbosch 'n wesentlike bydrae lewer tot die stimulering en navorsing in hierdie rigting.

NAGRAADSE KURSUSSE IN BEELDENDE KUNSTE

Die Universiteitsraad het die instelling van die volgende nagraadse kursusse in Beeldende Kunste, met ingang 1971, goedgekeur:
Die graad Hons.-B.A., M.A. en D.Phil.

Dankbetuiging i.v.m. Fakulteit van Tandheelkunde

Die Registrateur van die Suid-Afrikaanse Genees- en Tandheelkundige Raad het die Universiteit meegedeel dat die S.A.G. en T.R. op sy jongste vergadering die volgende aanvaar het:

„Gesien in die lig van die ernstige tekort aan tandartse en geneeshere, spreek die Geneeskundige en Tandheelkundige Raad sy dank uit teenoor die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vir die daadwerklike pogings wat hul aanwend om dit moontlik te maak dat die eerste studente in tandheelkunde in 1971 ingeskryf word en dat vanaf 1971 'n vermeerderde aantal geneeskunde studente ingeskryf sal word."

Trots vertoon Natalie Elizabeth Kruger haar Diploma in Verplegingsonderwys. Altesame 16 studente het op 17 Junie diplomas en grade tydens 'n Spesiale Diploma- en Gradeplegtigheid in die Administrasiegebou ontvang. Die Vise-kanselier, Dr. J. S. Gericke, het die toekennings gedoen.

FOTOGRAFIE

Mej. Else Uhlmann, student in Beeldende Kunste, afdeling Fotografie, het die foto van die skuit by Die Strand geneem. Die sterretjies is verkry deur 'n kompursluiter met f22 te gebruik, maar hoe het sy so diep in die see gekom?

Sy het ook die interessante rustige foto van die skape met die sonstrale skuins van agter wat dan weer skuins vorentoe weerkaats, geneem. So kry sy die „goue vag".

Die aksiefoto van Jannie Engelbrecht, Maties se rugbykaptein, deur *mnr. Obie Oberholzer* wat ook fotografie bestudeer, geneem, kan dalk nóg 'n polemiek oor hom ontketen : Is hy 'n „Engel", of nie?





Oud-Maties

Die Herdenking van die Honderdste Geboortedag van Generaal J. C. Smuts

Genl. J. C. Smuts is op 24 Mei 1870 op die plaas Bovenplaats, naby Riebeeck-Wes in Kaapland, gebore. Hy is op 11 September 1950 oorlede.

By geleentheid van die herdenkingsfees wat op Doornkloof, Irene, gehou is op 24 Mei 1970 het die Rektor die Universiteit van Stellenbosch verteenwoordig. 'n Geïllumineerde adres is later gestuur en lui soos volg:

Die Universiteit van Stellenbosch is daarop trots om Generaal J. C. Smuts se alma mater te wees.

Jan Christiaan Smuts het vyf jaar lank as skolier en student op Stellenbosch deurgebring. Hy het gelyktydig in die Lettere en Natuurwetenskappe gestudeer en in 1891 die B.A.-graad met onderskeiding behaal.

Terwyl hy aan die Victoria-Kollege gestudeer het, het hy besonder geïnteresseerd geraak in die plantkunde, filosofie, politieke wetenskap en Engelse letterkunde.

Die Universiteit van Stellenbosch het Smuts se loopbaan met belangstelling gevolg en bemerk dat hy 'n regsgeleerde, filosoof, krygsman, diplomaat en staatsman van wêreldformaat geword het en in baie opsigte vir Suid-Afrika veel beteken het. In 1931 het die Universiteit hom vereer met 'n eredoktorsgraad. Vandag bring sy ou Universiteit weer hulde aan 'n staatsman wat nooit opgehou het om student en akademikus te wees nie.

Geteken: Vise-kanselier: (w.g.) J. S. Gericke
Rektor: (w.g.) J. N. de Villiers Datum: 24 Mei 1970

Dit was Glorieryke Dae op Stellenbosch

DEUR F. A. VENTER

Ek wonder my of mnr. W. W. B. Havemann, die nuwe Administrateur van Natal, nog die episode met die patat onthou. Ek sien al hoe trek hy sy wenkbrou op, maar ek gaan dit tog vertel omdat dit vandag, ná baie jare, nog steeds plesier gee.

Dit het plaasgevind in een van Stellenbosch se periodieke „glorietydperke", wanneer sommer 'n dubbele hand vol groot manne en vroue binne 'n paar jaar daar gekweek word. Ek bedoel die jare 1933 tot 1938, so naasteby.

Indertyd was ek bevoorreg om saam met mnr. John Vorster aan dieselfde tafel in Dagbreek brood te breek. Ons het gesit in wat as die „kombuis" bekend was.

Ben Havemann het doer ver aan die hooftafel gesit, want hy was primarius. Seker een van die mees besondere primarii wat Dagbreek ooit gehad het. Vir ons „sotte" was hy 'n Zeüs met sy raamlose bril en netjiese snyerspakke wat hom kompleet soos 'n jonger ewebeeld van Bernard Baruch laat lyk het.

Ja, netjies wás hy. Jy kon hom altyd deur 'n ring trek. En buitendien, hy het Kenau Znyman uitgeneem. Dit het sy gesag en eerbiedwaardigheid sommer nog 'n hele paar kerwe opgestoot.

Tot vandag toe onthou ek nog twee van sy pakke – daardie witte van handdoekstof en daardie „flannel suit", altwee dubbelbors, wat aan sy skraal figuur gepas het asof dit aangegiet was.

SUBTIELE DOPER

Hy was bo waterbomme en die gewone rofdoop verhewe. Hy sou nog nooit 'n sot met die sool van 'n krieketstewel looi soos Kiewiet Jansen gemaak het nie.

Nee, hy het subtiel gedoop. Ons sotte moes sy sokkies stop. Die man had 'n hele balie vol sokkies – sysokkies en wolsokkies – en as ek my nie misgis nie – gebreide sokkies. Sokkies om van te kus en te keur. Ons arme japsnoete wat met twee of drie paar moes klaarkom, het met lang oë na al daardie fraai sokkies gekyk.

En ek het vir Ben nogal netjiese stopwerk gedoen omdat my ma vir my 'n kalbassie saamgegee het vir

die wis en die onwis. As 'n man net drie paar sokkies het, moet jy 'n kalbassie ook hê.

DIE NUWE KLANT

In die tyd van Ben se welaangename bewind kom 'n oud-matroos in Dagbreek aangesit, 'n ruwe kalant wat een aand 'n tafelbediende platgeslaan het omdat hy vir hom koolsop gebring het. Soos die duiwel dit wou hê, kom sit hy by ons aan die eettafel. Hy was nou 'n vagebond, by wyse van spreke.

Op 'n Sondagaand kry ons by die koue vleis patat wat in die skil gebak is. So 'n halfwassetjie bly in die skottel oor.

„Sien jy daardie meneer?" vra iemand aan tafel vir die oud-matroos en beduie na Ben Havemann in sy wit pak aan die kop van die hooftafel. „Kyk of jy hom met die patat kan raak gooi . . ."

Voordat iemand nog kan keer, gooi hy. Die patat tref wel nie die primarius nie, maar val vlak voor hom in die skottel beetslaai en die volgende oomblik staan Ben Havemann daar soos iemand wat deur 'n masjiengeweer getref was.

Die matroos-sot is op nerf na geskors en ek het 'n spesmaas dat Ben Havemann veel daarmee te doen gehad het dat hy wel nié geskors is nie.

Mnr. en mev. Frans Venter

GROOT NAME

Ben het goed ingepas in sy tydvak. Hy is 'n produk van een van Stellenbosch se merkwaardigste tydperke. As 'n mense na 'n paar van die persone kyk wat toe daar was, weet jy gou genoeg dat dit inderdaad so is.

Dr. Verwoerd was professor in die sielkunde. Prof. E. C. Pienaar, wit kuif bewend, het van die kateder af sy liefde vir Afrikaans uitgebulder. Dr. H. B. Thom was lektor in geskiedenis. Die opwindende prof. Fransie Malherbe het sy klasse laat skaterlag. Prof. Mortie Malherbe het onbewus 'n John Vorster voorberei om eerste minister te word en 'n adv. D. P. de Villiers om Suid-Afrika se saak voor die Wêreldhof te verdedig. Dit was die tyd toe prof. Pietie van Braam die fiets van agter af bespring het en toe ou vader Verloren van Themaat vir die nooientjie wat op Juniordag wou weet waarom sy kop so kaal is, vernietigend kalm gesê het: „Om uw zotheid te weerspiegelen."

Niemand het toe verwag dat die bedeesde Jan Haak minister sou word nie; of die vietse Jannie Loots wat hulle altyd met „Biscuits" Hayward geterg het.

En wie sou ooit kon droom dat die stille, onbesproke Bob de Jongh Goewerneur van die Reserwebank sou word, met die klein rooikop-genie Daantjie Franzen as sy adjunk?

OOR EVOLUSIE

Die energieke, onkruidsige krulkop Blaar Coetzee was toe net afgestudeer en reisende organiseerder van die Verenigde Party. Kaapstadse tantes het twee maal omgekyk wanneer Blaar met sy twee rooi boerevelskoene in Adderleystraat afgestap het. En sy spitsvondige tydgenoot Jack Loock was wyd en syd bekend vanweë sy oorwinning in die befaamde debat tussen die Unie- en die Universiteitsdebatsvereniging.

Jack het teen 'n tokkelok oor die evolusieleer gedebatteer en aan die einde kry altwee nêt drie minute vir repliek. Die tokkelok haal uit om soveel punte moontlik aan te teken, maar Jack wen die beker met 'n moordende kwinkslag:

„Meneer die voorsitter, my teenstander het gesê daar is net 'n sprong tussen die mens en die bobbejaan en as ek hom so kyk, lyk dit my het hy net te kort gespring!"

TAALMANNE

Maar in daardie buitengewone jare was daar nie net politici en geldkoppe in Stellenbosch se broeikas nie. In Dagbreek se seksie agt het Ernst van Heerden toe

al beginne gedigte skrywe en met groot behae aan sy maters uit die Tagtigers voorgelees. W. A. de Klerk het toe al met groot toewyding sy kop gebreek om Shakespeare in Afrikaans te vertaal. Gerhard Beukes was redakteur van die Stellenbosse Student en almal het aangevoel dat Audrey Blignault in die toekoms ons Afrikaanse prosa gaan verryk.

So kan 'n mens aanhou opnoem. 'n Hele galery vol voortreflike mense wat binne die bestek van 'n paar jaar op Stellenbosch klaargemaak het.

Dit was goeie, opwindende, waardevolle jare daardie en 'n mens voel tereg trots dat jy bevoorreg was om daar te wees toe 'n Bobby Wilcocks, 'n Con de Villiers, 'n Eppie Stegmann, 'n C. G. W. Schumann, 'n Bennie Keet, 'n G. B. A. Gerdener . . . nog in hul fleur was; die jare toe Oubaas Mark nog sy kiere oor Coetzenburg geswaai het en Danie Craven vir die Maties skrumskakel gespeel het.

DIE POLITIEK

Al is dit nou so dat 'n mens jou maar altyd verbeel dat jou geslag se jeug meer volwasse was as die huidige, is ek amper seker dat ons daardie jare woeliger in die politiek was as nou. Die Eerste Minister en baie ander het toe al saam met die grootmense politiek gemaak – vergaderings toegespreek, vrae gevra, georganiseer en gewerskaf.

Ons was baie ernstig, daardie dae. Mekaar met sambrele oor die kop geslaan of met toiletrolle en akkers bestook of in Dagbreek se vierkant politiek gestry totdat die son droog onder was.

Partykeer het die hare gewaai, maar soms het ons daar veel plesier aan gehad. Soos die aand toe Japie Basson, L.V. vir Bezuidenhout, in die ou Landbousaal voorgesit het op 'n V.P.-vergadering en toe wyle regter Henry Fagan en wyle dr. Abraham Jonker hul bydrae wou lewer om wyle mnr. Bruckner de Villiers in Stellenbosch te ontwortel.

Chaos, daardie aand. Die ander manne wil voorsitter kies en Japie weier beslis. Later is dit skuins voor negeuur en geen woord is nog gesproke. Hier kom oom Paul Sauer ingestap. Groot gejuig enersyds en groot afkeuring andersyds.

„Mnr. Jonker," vra oom Paul – dit was nog voordat die geniale Abraham Jonker die graad D.Phil. met onderskeiding behaal het – „waarom nou so onredelik oor die voorsitterskap? As ek by u aan huis kom en ek vra 'n glas water, sal u dit tog nie weier nie?"

„Ja," antwoord Jonker met sy breë, gedissiplineerde stem, „maar as u my vrou vra, sal ek haar darem nie afstaan nie!"

Goeie antwoord. Groot gelag. Die hitte neem af en die vergadering kom op dreef.

Van die patat het ek nou enigsins afgewyk, maar dit is seker goed om soms hardop te dink oor dae wat verby is – veral dae soos dáárdie!

(Met die vriendelike verlof van die outeur, en van *Die Burger* waarin hierdie artikel onder *Van Alle Kante* op 25 Mei 1970 verskyn het, word hierdie terugblik deur mnr. Frans Venter geplaas. Oud-Maties wat (letterlik) van New York tot Tokio versprei is, kry dus ook kans om dit te lees – en baie kry 'n tweede geleentheid.

Mnr. Venter kon die roepstem van grond en water nie weerstaan nie en het onlangs van die Strand verhuis na Cirene, sy besproeiingsplaas in die vallei van die Olifantsrivier, Vredendal. Mag hy opnuut uit die aarde inspirasie put. Red.)

Bekronings deur die Akademie

Hartlike gelukwense word gebring aan die volgende oud-Maties, donateurs en ander persone op die een of ander wyse aan U.S. verbonde:

Prof. E. P. Groenewald, professor aan U.P., het die Stals-prys vir teologie vir sy bydrae op die gebied van die Nuwe Testamentiese wetenskap ontvang. Sy kommentaar op die Evangelie van Markus is 'n standaard werk.

Dr. J. A. Hurter, voorsitter van Volkskas, het die Frans du Toit-medalje vir bedryfsleiding ontvang. Hy dien in 27 verskillende direksies.

Mnr. Karl Kielblock het die Scheepers-prys vir jeuglektuur, t.o.v. sy jeugroman *Rebel,* ontvang.

Prof. W. E. G. Louw, verbonde aan U.S., het die Gustav Preller-prys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek ontvang. Prof. Louw is veral bekend as digter, maar het as voorligter, essayis, tydskrifleier en kritikus ook hoogstaande werk gelewer.

(*Matieland* bring sy innige meegevoel aan prof. Louw met die heengaan van sy broer, N. P. van Wyk Louw, op 18 Junie 1970. In die letterkunde van die dertigerjare het hierdie twee broers hulle debuut gemaak terwyl hulle nog studente was aan U.K.)

Dr. S. Meiring Naudé, voorsitter van die W.N.N.R., het die M. T. Steyn-prys vir natuurwetenskap en teg-

niek ontvang vir sy skeppende beplannings- en organisasievermoë wat o.a. gelei het tot die suksesvolle uitbouing van die W.N.N.R.

Dr. H. P. Wasserman, internis aan die Fakulteit van Geneeskunde van U.S., het die Havenga-prys vir geneeskunde ontvang vir talle artikels veral op die gebied van die pigmentmetabolisme.

Saamtrek van Oud-Maties 9-11 Desember 1970

Departement van Ontwikkeling,
Universiteit van Stellenbosch,
Stellenbosch.

Die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch het vanjaar met 'n omvattende skema begin waardeur die duisende oud-studente van hierdie Universiteit op 'n meer doelgerigte en positiewe wyse nouer ingeskakel sal word by die belange en aktiwiteite van die Universiteit.

Onder andere beoog die Departement om jaarliks groepe oud-studente vir 'n paar dae na Stellenbosch te bring en aan hulle die jongste ontwikkelinge aan die Universiteit te toon en hulle op hoogte te bring met toekomstige uitbreidings, ens. Die eerste van hierdie reeks saamtrekke word vanjaar gehou van 9 tot 11 Desember.

Alle oud-studente wat *voor 1925* aan die Universiteit van Stellenbosch en aan die destydse Victoria-Kollege gestudeer het, word genooi. Tydens die saamtrek sal die oud-studente in 'n Universiteitskoshuis gehuisves word. Uitnodigings en die volledige program word uitgestuur.

Dit is te begrype dat die Departement van Ontwikkeling nie oor al die adresse van hierdie groep van oud-studente beskik nie en 'n beroep word op diesulkes gedoen om so spoedig moontlik met ons in verbinding te tree en hulle name, adresse en jare as student te verstrek.

A. J. Esterhuyse,
Assistent-direkteur van Ontwikkeling.

(Bostaande oproep wat in die koerante verskyn het en hier in effens gewysigde vorm herdruk is, het reeds entoesiastiese reaksie uitgelok. Red.)

Ou Oud-Maties Geesdriftig

BESPREEK BETYDS

Jakkals sê mos: „Vlug is 'n goeie geweer, maar jy moet betyds begin," daarom meld ek my vroegtydig aan as 'n ou Matie wat al oor tagtig is, vir 9–11 Desember.

Ek wil net vra of dit moontlik sal wees om vir my ou Sweetheart en my daar losies te kry . . .

Ds. H. A. de Wet (Emeritus),
Lambertsbaai. 9/6/70

(Maar natuurlik, geagte Dominee! Die Departement van Ontwikkeling sal nie net u wense om losies uitvoer nie, maar ook nog 'n plekkie in die Laan reserveer vir 'n oud-Tokkelok en sy Sweetheart. Dit is dalk gerade dat u die konsente van u vader saambring. Red.)

WOORDEBOEKMAKERS

Ek was in 1909–'10 by die ou Victoria-Kollege waar ek die *Intermediate* in 1909 afgelê het. Alle sukses met u poging.

Dr. P. C. Schoonees,
Strand. 12/6/70

(Dr. P. C. Shoonees, oud-hoofredakteur van die W.A.T., is die broer van mnr. L. A. Schoonees, oor wie ons artikel in hierdie uitgawe van Matieland *handel. Red.)*

VYF VAN DIE SES

Dit was my voorreg om in die jare 1909 en 1910 aan die Victoria College te studeer alvorens ek in 1911 na Skotland is om my as tandarts te bekwaam. Destyds het ek in Wilgenhof geloseer en ons huisvader was mnr. Luckhoff. As ou Matie is ek trots op my alma mater en vyf van my ses kinders was ook later aan die Universiteit as studente vir sekere tydperke verbonde.

Dr. S. H. Walters,
Bellville. 12/6/70

(Dr., U.S. doen sy bes dat oud-Maties altyd trots moet kan bly op hulle alma mater. Eweso is u alma mater, as tere moeder, trots op haar alumni en ander oud-studente – daarom die saamtrek. Red.)

DIE HISTORIESE PORTRET

Ek was student aan die U.S. in 1918, 1919 en 1920. In 1916 en 1917 was ek by die opleidingskollege Stellenbosch . . . Ek het die voorreg gehad om in 1918 op die historiese portret te wees wat geneem was toe die Victoria College 'n universiteit geword het . . .

Mev. J. J. Albertyn (geb. Viljoen)
Caledon
15 Junie 1970

Saamtrekke: Oud-Matiebondtakke

'n Aantal oud-Matiebondtakke reël gedurende die tweede semester saamtrekke. By hierdie saamtrekke sal die Rektor, prof. J. N. de Villiers en mev. De Villiers aanwesig wees. Oud-Maties kry dan die geleentheid om die nuwe rektorspaar te ontmoet.

Matieland is ook dankbaar dat al die funksies van 'n informele aard is, sodat gesellige verkeer op tipies matiewyse kan geskied.

Matieland dra kennis van die volgende saamtrekke:

PORT ELIZABETH – Vrydag, 7 Augustus
Die byeenkoms vind plaas in die Hellenic-saal en sal die vorm van 'n vingerete aanneem. Skakelpersoon is mnr. Amos du Plooy, telefoon 27771.

OOS-LONDEN – Saterdag, 8 Augustus
Ons verneem dat die oud-Maties 'n lekker vleisbraai by die Duitse klub organiseer. Skakelpersone is mnre. Jan Pruyt (25537) en Barry Blommaert (25537).

PRETORIA – Woensdag, 12 Augustus
Die oud-Maties kom by die Fonteine Kiosk saam vir 'n buffetete. Die voorsitter van die reëlingskomitee is dr. Jan Willers (34184).

KIMBERLEY – Vrydag, 4 September
Die skakelpersoon is die ywerige mev. Clasie Theron (telefoon 2767).

BEAUFORT-WES – Saterdag, 5 September
Mnr. F. V. Hanekom (telefoon 272) en sy wakker bestuur is besig om 'n mooi funksie vir die oud-Maties te organiseer.

Matieland wens die oud-Maties op die verskillende plekke genoeglike aande toe. Ja in ons verbeelding hoor ons die lekker ou Matieliedjies soos „Drink maar nog 'n sopie . . . , Die besem . . . , en *MATIE* . . .", rondom die vure en tafels opklink.

L.W. Laat *Matieland* asseblief 'n foto en beriggie van die funksie toekom!

Seer Sterk Oud-Maties

Mnr. A. Stadion (sien *Matieland* Augustus 1967, bl. 31) het op 4 Februarie vanjaar nege-en-tagtig jaar geword. Hy kom lê nog gereeld besoeke by *Matieland* se kantoor af.

Dr. I. P. Schabort (sien *Matieland* April 1969, bl. 37) is vanjaar negentig jaar oud en gereed om die eeu vol te maak.

Mnr. L. A. Schoonees (sien meegaande artikel) het op 5 Augustus vanjaar vier-en-negentig geword. Nadat hy van Julie 1896 tot Junie 1899 op Ceres skoolgehou het, het hy in Julie 1899 op Stellenbosch as student ingeskryf. Van 1902 tot sy aftrede in 1936 het hy op Worcester aan die seunskool hoofsaaklik Geskiedenis gegee.

Sy stokperdjie was o.a. om sy ore oop te hou vir taalverskynsels. Hy het die miljoenste kaartjie aan die kantoor van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal gestuur. Sy broer, dr. P. C. Schoonees, was jare lank Hoofredakteur van die W.A.T.

L. A. Schoonees, Die oudste (?) Oud-Matie oor Toeka se Dae

Dit was reeds in 1876 toe Lukas Anthonie Schoonees se vader die klein babatjie in 'n kombers toegerol en uitgedra het om na 'n komeet te gaan kyk. Maar dit het niks gehelp nie, want hy het nie 'n sterrekundige geword nie.

Dalk was die komeet juis sy gelukkige ster, want drie maal was Loekie byna dood. Op 'n Sondag het 'n perd wat meer op stal gestaan as in die kar getrek het, hom

Die miljoenste kaartjie oor Goedpraat, *ingestuur deur mnr. L. A. Schoonees.*



onder die ken met die agterpoot geklits. Op 'n ander dag het hy agter aan die skotskar, met nat stalmis gelaai, gehang. Die kar tip, die agterklap gee pad en Loekie lê begrawe onder die geurige vrag. Die bediende wat die mislike ongeluk sien gebeur het, skreeu hard en Ounôi en Oubaas kom aangehardloop. Hulle graaf die stouterd uit, was eerste sy gesig skoon en lê daarna die Statebybel op sy maag. Die raat het gehelp. „Dit was petelê! Onkruid vergaan nie!" skryf ons oud-Matie in 'n goed leesbare skrif op 22 Mei vanjaar.

Op 'n Saterdagoggend gaan sy pa en hy met die skotskar in die veld renosterbosse haal. Uniondale se strate was geen hemelstrate nie en in 'n sloot in die straat stamp die kar so hard dat Loekie op sy kop op 'n blou nabank val en bloeiend bly lê. Die aand was daar 'n vreemde trilling in die stem van sy vader toe hy tydens die huisgodsdiens gedank het „vir die gespaarde lewens". Die gesin het al opgestaan toe sy moeder nog trane afvee.

DIE HOLLANDSE MEESTER LEER SAAM

Jare later stuur Uniondale se Hollandse meester 'n stuk of ses leerlinge in vir die *Elementary*-eksamen. Meer as die helfte sak, maar desnieteenstaande besluit vier van hulle om die *School Higher* aan te pak. Dit is begryplik dat Loekie een van hulle sou wees. Was sy vader, P. C. Schoonees, dan nie altesaam veertig jaar lank koster en orrelis van Uniondale nie!

Die meester was nie hoog geleerd nie en het soggens voor skool die vier met Algebra, Euclid en Latyn gehelp. Hy moes algaande saam met sy seniors studeer. Waar hy vasgeval het, het hy sleutels gebruik. Die koppige Loekie wou opsluit Nederlands as een van sy vakke neem – en dit in 'n tyd toe alles Engels was! Meester stop dus Hubertus Elffers se dik *Dutch Grammar* (prys: 6/-) in die boerseun se hand en beskou sy onderrig in die Nederlands daarmee as afgehandel.

Dit is Sondagaand. Nadat Loekie die drie kerkklokke in Uniondale se kerktoring laat beier het en die olielampe in die kerk aangesteek het, skryf hy in die konsistorie op 'n stukkie papier: „Geachte Dominee, denk tog in uw gebed aan de vier kandidaten die morgen het *School Higher* examen schrijven." Die gebed was treffend, en die gebed van die gelowige het baie krag, want 'n paar weke later staan Loekie se naam in die koerant. Hy slaag in die derde klas.

KAAP TOE

Dit is Julie 1894. Die vier boerseuns voel nie die koue nie want hulle staan op Prince Albert-weg en wag gespanne op die trein. Loekie het nog nooit eens 'n trein gesien nie, maar hy koop sy eie kaartjie na Kaapstad en die volgende oggend staan sy trommel, sy kosmandjie en hy op die Kaapse stasie.

„Cab, Sir!" sê-vra die Slamaaier en neem hom na die *Normal College*, 'n inrigting van die N.G.K., om vir onderwyser te leer. Sy pa het reeds die £12 vir die eerste jaar betaal. Die eerste halfjaar volg almal die kursus vir Klas III-onderwysers. Onder sy maats was Danie Lategan, later professor aan die Stellenbosse Kweekskool. Aan die einde van die jaar slaag almal – Loekie in die eerste klas!

Intussen word die kandidate ook voorberei vir Matriek en Middelkas-onderwys, maar met die Matesis gaan dit so broekskeur dat die Skotse onderwyser sê: „One might as well teach a cabbage stuck on a broomstick Mathematics as you. I think you better go home!"

IS HY 'N MOOI KÊREL?

Dit is Julie 1896 en hierdie keer is Loekie per trein op pad na Ceres om sy eerste onderwysbetrekking te aanvaar. In die kompartement sit twee stewige bakvissies die matriekuitslae en bestudeer in 'n Engelse koerant. Loekie kry ook 'n kans om na die uitslae te kyk. Wonder bo wonder! Die hele klas van die *Normal College* het beide in matriek en as middelklasonderwysers geslaag.

„In watter skool stel u belang?" vra hulle.

„In die *Normal College*, juffrou."

„Ons kry 'n onderwyser van die *Normal College*. Ek dink sy naam is Schoonees. Ken u hom?"

„Ja, baie goed."

„Is hy 'n mooi kêrel?" wil die twee senior skooldogters weet.

„Wel, dames, daaroor kan ek nie oordeel nie. Bekyk my goed en oordeel self. Maar wil julle nie 'n paar piesangs saam met my eet nie?"

„Baie dankie, meneer, maar van ons bagasie lê nog in die kompartement langesaan!" . . .

(Een van die bakvissies is glo nog in die lewe.)

Hulle Doen en Late

NUWE REDAKTEUR VAN DIE KERKBODE

Ds. G. S. J. Möller van die gemeente Stellenbosch-Noord het die redakteurskap van *Die Kerkbode* aanvaar.

Ds. Möller, M.A., M.Th., is in 1944 gelegitimeer. Nadat hy etlike jare lektor in die Wysbegeerte aan U.S. was, het hy die gemeentes Loeriesfontein, Rivier-

sonderend, Namakwaland en Stellenbosch-Noord bedien. Hy is ook Assistent-skriba van die Kaapse Sinode. Genade en insig van Bo, asook sterkte vir die verantwoordelike taak, word ds. Möller toegewens.

S. H. EYSSEN

Mnr. Stephen H. Eyssen, wat reeds as student op Stellenbosch begin het om Afrikaanse liedere te versamel, en 'n groot kultuurleier was, veral as skoolhoof op Heidelberg, Transvaal, het op 23 Mei sy tagtigste verjaardag herdenk. Hierdie baanbreker op die gebied van die Afrikaanse liedereskat en sy eggenote, Adinda, woon nou in Oos-Londen waar hy nog as orrelis in die N.G. Kerk optree.

Stephen Eyssen het o.a. *Uit die chaos van die eeue, Waar Tafelberg begin* en 'n hele reeks pieknieklied jies getoonset. Die redaksiekomitee van die F.A.K.-Volksangbundel (1937) was dr. Hugo Gutsche, prof. W. J. du P. Erlank en mnr. Eyssen.

„Oor die donkerblou hemel dryf daar vlugtige wolke . . ." so begin die *Segelied*, gedig deur A. B. Wessels en getoonset deur Stephen Eyssen. Mag die Eyssen-egpaar se wolke nog lank vlugtig bly.

Op die wandelpad langs Victoriastraat voor die Administrasiegebou op pad klas toe in die flou herfssonnetjie.



Dr. Thomas F. le Roux (Stell. : B.Comm. 1931, S.O.D. 1933) is tans Assistent-Sekretaris van die Transkeise Onderwysdepartement, Umtata. Hy was tot 1964 skoolhoof te Middelburg, Kaap; daarna Inspekteur van Kleurlingonderwys tot 1968 en Hoofbeplanner op Umtata tot verlede jaar.

Mnr. Christiaan M. Stimie en sy eggenote *mev. Johanna M. Stimie* (geb. Van der Merwe) het van Durbanville na Pretoria verhuis. Mnr. Stimie het die grade B.A. (1931), S.O.D. (1932) en M.Ed. (1944) op Stellenbosch behaal. Mev. Stimie het die B.A. (1931), S.O.D. (1932) en M.A. in 1934 ook in Matieland behaal. Mnr. Stimie was die afgelope 19 jaar hoof van die Hoërskool Durbanville („bokant die broodlyn") en in 1968/69 was hy Voorsitter van die S.A.O.U. („onderkant die broodlyn"). Hy het nou met pensioen uit die onderwys getree, maar weer diens aanvaar as Hoofinligtingsbeampte van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Mnr. Johannes S. M. Zwiegelaar (B.A., S.O.D. 1948), voorheen van die Hoërskool Port Natal, Durban, is aangestel as Hoofinspekteur van Indiëronderwys, met standplaas Durban.

Mnr. A. J. J. Visser (B.A. 1947, B.Ed. 1961), voorheen van die Opleidingskollege Graaff-Reinet, is in 1969 aangestel as senior lektor in die Departement Moderne Tale en Algemene Onderwys van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys en is vanjaar bevorder tot Departementshoof : Handel, Tale, Onderwysersopleiding en Drukkerskursusse.

Mnr. Neville Osrin (Hons. B.A. 1966) beklee tans die betrekking van Navorsingsbeampte, N.I.P.N. Hy is o.a. lid van die Wit. Takkom. S.A. Sielkundige Vereniging en lid van die Redaksieraad, Psychologia Africana.

Prof. C. J. Coetzee (D.Sc. 1965), voorheen van U.O.V.S., is vanaf die begin van 1970 professor in Anorganiese en Fisiese Chemie aan die Universiteit Wes-Kaapland.

Mnr. Johannes Fourie, voorheen vise-rektor van die Paarlse Opleidingskollege, is vanaf 1 April vanjaar aangestel as rektor van die Opleidingskollege Graaff-Reinet.

Mnr. G. de Villiers (B.Sc. 1950 Stell.), voormalige hoof van die Hoërskool Dirkie Uys op Moorreesburg,

is met ingang 1 Julie as onderwysbeplanner aangestel. Sy standplaas is Kaapstad.

Ds. Diederik Johannes Hattingh (B.A. 1947), M.A. (1950), M.Th. (met onderskeiding 1951) te Stellenbosch, en tans leraar van die N.G. Gemeente Stellenbosch-Welgelegen, het die doktorsgraad aan die Universiteit van Potchefstroom behaal onder sy promotors, proff. H. G. Stoker en G. J. Pienaar op proefskrif: „'n Wysgerige ondersoek na die probleem van persvryheid." Hy behandel o.a. die persinstituut, die koerant, die advertensiewese, die leserspubliek en die belangegroepe daarby betrokke.

Mnr. A. E. Strydom, voorheen van Beaufort-Wes, is van die begin van vanjaar Inspekteur van Onderwys met Oudtshoorn as standplaas.

Dr. L. S. McFarlane (B.Sc. Landbou, D.Ed. 1927, Stell.) wat in Julie 1950 as hoof van die Hoërskool Gimnasium, Paarl, begin het, het in Julie afgetree. Mnr. A. H. Gous, voorheen hoof van die Hoërskool Vryburg, volg hom op.

Dr. McFarlane was nog maar sestien jaar oud toe hy na die Universiteit van Stellenbosch gekom het. Op drie-en-twintigjarige ouderdom het hy in 1931 reeds hoof geword van die middelbare skool op Delportshoop.

Mnr. Gabriel P. Stockenstrom (B.A. 1924), voorheen senior lektor, Kaapse Tegniese Kollege, Kaapstad, het afgetree. Hy sê hy geniet nou die onbesorgde bestaan.

(Oppas, mnr. Stockenstrom! Onthou u wat in *Luilekkerland* van A. G. Visser, by die Vetrivier gebeur het? Red.)

GETROUD, MAAR NOG STEEDS BEDAGSAAM

Mnr. Eelco Boudewyn de Vries (B.A. 1965) het benewens 'n bydrae tot die *Matieland-fonds* ook kennis gegee van adresverandering. Hy is nou lid van die personeel van die Hoër Tegniese Skool Worcester.

Hy voeg onder die afdeling *Prestasies* by: L.W. Geagte Heer, die *Matieland* wat aan mej. A. S. Grobler, Hoërskool, Jansenville, gestuur word, kan u maar hou. Ons is nou getroud!

(Hartlik geluk, mnr. en mev. De Vries. Hier het ons nou 'n praktiese oplossing om die oplaag van *Matieland* te laat daal, maar 100% doeltreffendheid te behou! Mevrou, baie geluk met so 'n bedagsame eggenoot! Red.)

Dagbreek se Halfeeufees – September 1971

In 1971 vier die HUIS van ROEM en FAAM sy vyftigjarige bestaan, en die huidige soveelste geslag van Dagbrekers wil dit 'n fees van betekenis maak. Derhalwe roep hulle alle oud-Dagbrekers op om te kom deel in die vreugde van weersien van ou kammies in die bekende vierkant. Rondom sy binneplein, staan die gebou nóg soos voorheen. STANDVASTIG en GETROU.

Die organiseerders is baie bekommerd dat *U*, die oud-Dagbreker, nie daar sal wees nie. Op die Donderdagaand, midde in die September/Oktobervakansie, bied hulle 'n skemerkelkparty aan; die Vrydagmiddag en -aand 'n vleisbraai op die pragtige Vergenoeg en op die Saterdagaand is daar 'n gratis opvoering in die H. B. Thom-teater. Dit is net hooflyne. 'n Spesiale komitee sal 'n aantreklike program uitwerk.

Voorts is daar allerlei referate oor interessante onderwerpe deur „ons eie manne", want 'n *oud-hongerlyer* mag nie van pap alleen leef nie. Ten slotte sal daar 'n huisvergadering wees onder voorsitterskap van dr. B. J. Vorster, waar u al die vorige besluite omver kan werp en u in 'n heerlike vakuum kan huiswaarts keer. Die koerante sal dit die volgende dag toejuig as nog 'n verkramp/verligte besluit van Stellenbosch.

Gee asseblief kennis aan mnr. O. S. Bosman, Dagbreek, Stellenbosch en meld:

1. U volle naam en adres.
2. U jare van inwoning (histories).
3. Bydraes wat u tot enige deel van die fees kan lewer (of lus het om te lewer) i.s. die program, die beplande gedenkboek of finansieel!

(Diegene wat in John Murray-huis, Victoriastraat was, is ewe welkom.)

'n Pragtige Gedenkboek

'n Koshuis met die grootte van Dagbreek lewer oor 'n periode van 'n halwe eeu groot en interessante manne op, o.a. twee van die R.S.A. se premiers (drr. Verwoerd en Vorster). Daar is ook die talle wat op vele gebiede vandag nog presteer; en dan is daar die onvergeetlike „karakters".

Prof. Bun Booyens is die hoofredakteur van die beoogde gedenkboek en 'n sterk paneel sal hom bystaan. Dit sal 'n boek van gehalte wees en uit die aard daarvan nie net vir Dagbrekers nie, maar vir alle Maties, oud en jonk, interessante artikels bevat, want dit sal uiteraard 'n halwe eeu van Stellenbosch dek. Die boek sal op dieselfde styl en formaat wees as die

publikasie oor professor H. B. Thom wat verlede jaar deur die Universiteit aan diegene wat op die versendingslys van *Matieland* was, geskenk is.

Die prys is bepaal op R2.00 per eksemplaar. Ten einde die oplaag te bepaal, is dit dringend nodig dat oud-Maties nog vanjaar die R2 stuur aan Dagbreek-publikasie, p.a. mnr. J. J. Oosthuysen, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch. Die Departement van Ontwikkeling sal dan aan u 'n kwitansie uitreik. Tjeks moet asseblief uitgemaak word aan *Dagbreek-publikasie*. Mnr. P. J. Lombard sal sorg dat 'n aparte bankrekening hiervoor geopen word.

Hoe groter die oplaag hoe beter kan met die drukkery onderhandel word, daarom sal u vroegtydige intekening baie gewaardeer word.

Enige belangstellende is welkom om in te teken.

Die Klanksegmentator

Hoe klink 'n woord as 'n mens dit uit die gewone spreektaal uithaal, isoleer, en dan daarna luister? Sal die spreker sy eie woord herken? Dis twyfelagtig. Hoe klink die Engelse „r" in vergelyking met die Afrikaanse „r"? Is daar 'n verskil vir die oor tussen die eerste en laaste l-klanke in die Engelse woord *little*? Is die laaste deel van die segment in die woorde *soentjie* en *maantjie* wat die *klank* van die *woorde* betref, dieselfde?

Hierdie klein masjientjie, 'n bietjie groter as 'n transistorradio, het net 'n paar gelykes in ons land. Hoe gebruik mens hom en waarvoor? Jy lê 'n woord vas op 'n band en dan voer jy hom langs 'n kabel in hierdie spraakontleder of klanksegmentator. Deur net 'n paar knoppies te draai, kan enige klank, of deel van 'n klank, in 'n woord heeltemal geïsoleer of uitgehaal word sodat 'n mens beter die klank se kwaliteit kan bepaal deur na die enkele klank te luister. Jy kan ook 'n kleinere of grotere deel van 'n gesproke woord isoleer en herhaaldelik na die deel luister om sy waarde te bepaal.

Indien jou oor nie betroubaar is nie, kan jy die geisoleerde klank in 'n spektrograaf voer wat dit as 'n fotobeeld sigbaar weergee. Vir 'n gevorderde studie op die gebied van klanknavorsing in die gesproke woord en vir vergelykende studie van bv. „gelykluidende" klanke van Engels en Afrikaans, is die segmentator van baie groot waarde.

Hierdie hulpmiddel by taalstudie is 'n geskenk van Philips Suid-Afrika, vooraanstaande navorsers op die gebied van tegnologiese hulpmiddels in baie studierigtings.

Op die foto regs oorhandig mnr. N. H. Tilley (regs), hoof van die afdeling Klank- en Televisietoerusting van die Kaapse tak van Philips Suid-Afrika, die segmentator aan mnr. J. T. Botha (links), hoof van die Departement Engels (Opvoedkunde) in teenwoordigheid van prof. P. S. du Toit, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde (middel).

Eeufeestrustfonds Oorskry Sy Doelwit

Die Raad van Trustees van die Eufeestrustfonds van die Universiteit van Stellenbosch het op 14 Maart 1970 vergader. By daardie geleentheid is aangekondig dat die Eeufeesfonds die mooi totaal van *R4,600,000* bereik het (bemakings en renteverdienste uitgesluit). Die Fonds het reeds R900,795 by wyse van rente verdien. Die Trustees het dit goed geag om die Eeufeesfonds op R5 miljoen af te sluit.

Tot 31 Desember 1969 was die totaal donateurs 10,002. Die Universiteitspersoneel, Alumni en ander individuele vriende het 33% van die totale bedrag gelewer.

Vandat met die fonds begin is, is slegs *1.05%* van die beloofde bedrag gekanselleer; meesal was dit persone wat oorlede is.

Die volle Raad van Trustees verskyn op die vergesellende foto :

Agter, v.l.n.r.: Mnr. P. J. Lombard (Sekretaris), mnr. R. S. Cooke, mnr. J. D. J. de Necker, dr. P. E. Rousseau, prof. C. G. W. Schumann, dr. A. E. Rupert en mnre. A. J. Esterhuyse (Assistent-Sekretaris). Voor, v.l.n.r.: Prof. J. N. de Villiers (Rektor), prof. W. J. Pretorius (Onder-Voorsitter), dr. M. S. Louw (Voorsitter), prof. H. B. Thom en dr. M. H. de Kock.



Gesellig

Afskeid aan Sy Edele Dr. en Mev. J. N. Malan

Op Dinsdag, 5 Mei 1970, het die Fakulteit van Geneeskunde 'n afskeidsgeselligheid aan die uitgetrede administrateur van Kaapland, Sy Edele dr. J. N. Malan, in die ontspanningsaal van die verpleegsterstehuis by die nuwe Tygerberg-hospitaal aangebied.

Die Administrateurspaar met die silwerskinkbord wat hulle as geskenk ontvang het.

Tant Petrusa Twee-en-Negentig Jaar Oud

Mev. Petrusa Groenewald, een van 'n identiese tweeling, sou op 3 Augustus twee-en-negentig jaar geword het, maar is op 6 Junie oorlede.

Sy heet na haar oupa van moederskant, Petrus Benjamin van Rhyn, maar die Latynse vorms van die name is gebruik met 'n ritmiese klankryke gevolg: Petrusa Benjamina. Die dorp Vanrhynsdorp is op die plaas van hierdie oupa van Rhyn aangelê.

Sy het opgegroei op die plaas Aties in die distrik Vanrhynsdorp. Haar vader, mnr. Izak van Zijl, was die

V.l.n.r.: Prof. G. P. J. Trümpelmann, mej. Laubser, proff. O. R. H. Schröder en F. E. J. Malherbe.

lid van die Noordweste in die ou Kaapse Parlement tot die Unie in 1910 gestig is.

Aan die Hoër Meisieskool Bloemhof het sy die „Elementary"-eksamen afgelê en drie jaar later die T3-onderwyseksamen. Die laaste tien jaar van haar loopbaan as onderwyseres was sy hoof van die primêre afdeling van die hoërskool Calvinia. In 1929 het sy afgetree en in Seepunt gaan woon.

Sy het nooit kinders gehad nie, maar as onderwyseres was sy altyd bewus van die behoeftes by studente aan studiegeld en het sy steeds daaraan gedink om 'n studiefonds te stig. Derhalwe het sy *Die Petrusa van Zijl-fonds* onder haar nooiensvan ten gunste van die Universiteit van Stellenbosch laat registreer. Hierdeur word R20,000 beskikbaar waarvan die rente as beurse of lenings toegeken mag word en R10,000 gaan vir geneeskundige navorsing aan die U.S.

Ongeveer 1930 was mev. Groenewald sekretaresse van *Die Handhawers* in Kaapstad. Prokureur D. P. de Klerk was die voorsitter. Sy bewaar vandag nog haar handhawerswapen met trots. Na die *Handhawers* is die Kaapse Skakelkomitee, waarin sy meer as tien jaar gedien het, gestig.

In 1939 is sy met die wewenaar mnr. C. N. Groenewald, hoof van die ou prokureursfirma Dempers en Van Rhyneveld, getroud. Hy is in 1948 oorlede. Tans woon sy reeds vyf jaar in Huis Piet du Toit.

(Die artikel was reeds gedruk ten tyde van haar dood. Red.)

Maggie Laubser Gehuldig

Die Universiteit van Stellenbosch het die bekende Suid-Afrikaanse skilderes mej. Maggie Laubser op Donderdag, 21 Mei, gehuldig en die modelkamer van die Departement Beeldende Kunste na haar vernoem.

Die Hans Herre-week

Langsaan die watertuin met sy spuitfonteine, het prof. P. G. Jordaan, hoof van die Departement van Plantkunde, die Rektor, prof. J. N. de Villiers, sy eggenote, en ander gaste verwelkom.

Die tuinfunksie was nie alleen gereël by geleentheid van Hans Herre se 75ste verjaardag nie, maar veral om hulde te bring aan een van Suid-Afrika se bekendste navorsers oor die Suid-Afrikaanse vygies of Mesembrianthemacaea. Prof. Jordaan het die lewe en werk van mnr. Herre geskets en daarop gewys hoe met so min, so baie tot stand gebring is. Namens die personeel is mnr. Herre 'n tjek aangebied.

Daar is ook melding gemaak van die toegewyde diens van mnr. Helmut Meyer, die Hortus se tuinboukundige wat kurator Herre al die jare getrou bygestaan het en wat op sulke uiters bekwame wyse die werk voortsit. Mnr. Meyer het daarin geslaag om die be-



Huldiging van mnr. Hans Herre in die Botaniese Tuin op 8 April 1970: V.l.n.r.: Prof. P. G. Jordaan (Hoogleraar in Botanie), mnr. W. J. Tijmens (Kurator van die Botaniese Tuin), mnr. Hans Herre (Oud-kurator), prof. J. N. de Villiers (Rektor) en mnr. H. E. Meyer (Assistent-tuinier).

sondere versameling steenplante vir die geleentheid in blom te hê.

'n Spesiale *Lithops* koek is deur mnr. Herre gesny. Die *Lithops herrei*-plantjies op die koek kon egter nie geëet word nie, maar is aan die eregaste oorhandig.

Mnr. W. J. Tijmens, senior kurator van die botaniese tuin, het die heildronk ingestel en die Rektor, prof. J. N. de Villiers, het opgemerk dat sy eerste besoek aan die Hortus 'n aangename openbaring is. Prof. de Villiers het die gewese kurator, mnr. Herre, bedank vir sy toegewyde arbeid waardeur die Universiteit van Stellenbosch in alle dele van die wêreld bekend geword het.

Mnr. Herre het op gepaste wyse geantwoord en vertel hoe die eerste plantversameltogte in 1925 onder uiters moeilike omstandighede plaasgevind het – eers met 'n donkiekar en later met sy bekende motor. In daardie tyd was daar nog nie petrolpompe nie, en petrol vir die terugreis moes langs die pad versteek word. Die meeste van die nuwe plante wat ontdek is, is egter met die donkiekar gevind of wanneer die motor bly staan het. Die uitstalling in die Hortus, wat spesiaal vir die Herre-week verlig was, het tydens die aande oor die 500 besoekers gehad.

Die uitstalling het 'n oorsig gegee van die lewe en werk van Hans Herre. Daar was o.a. 'n aantal van die meer as 300 publikasies van Herre en van die meer as 30 plante wat na hom vernoem is. Die uitstalling het nadruk gelê op internasionale samewerking.

Die spesiale Apriluitgawe van die Amerikaanse *Cactus and Succulent Society*, wat aan Hans Herre opgedra is, was omring van 'n aardbol, versier met orgidieë, en van mnr. Herre se wêreldkorrespondensie soos uitgestal.

Een van die vele telegramme van gelukwense het almal se gevoelens vertolk: „The many new species and even genera which you have discovered will be a lasting tribute to your very great interest and enthusiasm which led you to make many expeditions under difficult and trying conditions. These discoveries were often brought to fruition by your success in growing them under artificial conditions at Stellenbosch. We join Stellenbosch University in conveying to you our thanks for a life-time devoted to our wild plants and we look forward to your having many more years of productive activity."

W. J. Tijmens.

Die Ginekoloog het Rede om te Glimlag

As jong geneesheer het dr. Jannie de Villiers van Calvinia die bekende Lombard-vierling gehelp om die

Foto in die kantoor van die Rektor (v.l.n.r.): De Waal, Jannie, prof. J. N. de Villiers, De Villiers (wat na prof. De Villiers heet) en Klasie Lombard.

eerste lewenslig te aanskou. Die Voorsienigheid was vir hulle en hulle ouers baie goed, want die vier jong manne van die Weermag staan waarlik hoër in hulle soldateskoene as die dokter wat self 'n lang man is.

Intussen het die dokter van die vierling ook in status gegroei tot Rektor van U.S.; derhalwe kom maak die vier eers seker van hulle plekke op Stellenbosch in 1971.

Die Winterreise

In Mei vanjaar het die Stellenbosse kunstenaar Frederick Dalberg (bas) en mnr. Lionel Bowman (klavier) 'n uitvoering van *Die Winterreise* gegee. Mnr. Dalberg gee sedert die begin van 1970 sang aan die Departement van Musiek op Stellenbosch.

Op die foto aan huis van prof. Richard Behrens verskyn v.l.n.r.: Prof. J. N. de Villiers (Rektor), mev. Irma Behrens (gasvrou), mnr. Bowman, mev. J. N. de Villiers en mnr. F. Dalberg.

Studentebedrywighede

Uitslae van Intervarsity 1970

Rugby	*U.S.*	*U.K.*
I	12	3
II	18	11
III	16	0
Medies	8	3 (Vierde span)
Wilgenhof	9	14 (Vyfde span)
Huis Marais	26	6 (Sesde span)
Sokker		
I	1	5

Veldwedloop : U.S. klop U.K.
Stoei : U.S. $2\frac{1}{2}$; U.K. $4\frac{1}{2}$

Manshokkie	*U.S.*	*U.K.*
I	0	3
II	1	3
III	4	2
IV	1	3
Dameshokkie		
I	4	0
II	4	2
III	1	0
IV	1	0
Korfbal		
I	30	39
II	14	13

Die Studente Ontvang die Rektorpaar

Op 11 Maart 1970 het die studente prof. en mev. J. N. de Villiers amptelik in die stadsaal ontvang. *Op die foto verskyn (v.l.n.r.): Mnr. Dirk Hertzog (Voorsitter van die Studenteraad), mev. De Villiers, mnr. Pieter le Roux (S.R.-lid), prof. J. N. de Villiers (Rektor). Hier stap hulle deur 'n ereboog van koshuisvlae.*

Die S.R. Besoek die Rektor

Die Vise-Kanselier en die Rektor saam met die Studenteraad van 1969/70. Dit is die eerste Studenteraad wat saam met die nuwe Rektor dien.

Voor, v.l.n.r.: Mej. Toy Badenhorst, dr. J. S. Gericke (vise-kanselier), mnr. Dirk Hertzog (voorsitter), prof. J. N. de Villiers (rektor), mnr. Geoff McMinn (o.voors.), mej. Dene Smuts.
Agter, v.l.n.r.: Mnre. Johan Bergh, Alex Luttig, Basjan Wolmarans, Pieter le Roux, E. B. Hoffman, J. D. Broberg, J. Wickens, Johan Graaff en Ettienne de Villiers.

Huis Visser word Mondig

Die inwoners van die manskoshuis Huis Visser het gedurende die naweek van 22 – 24 Mei hul koshuis se mondigwording gevier. Die Rektor, prof. J. N. de Villiers het by die geleentheid 'n gedenkteken onthul.

V.l.n.r.: Mnr. T. G. Walters van die Fakulteit van Opvoedkunde (wat die gedenkteken ontwerp het), prof. De Villiers en mnr. Johan Odendaal (primarius).

Internasionale Hokkie op Coetzenburg

'n Vroue hokkiespan van Australië het in Mei teen 'n verteenwoordigende span van die S.A. Universiteite op Coetzenburg gespeel. Die uitslag was 1 elk. In die middel staan mej. Lynn Nilsen van die Maties. Behalwe Lynn is Hannie Claassen van U.S. ook vir die span gekies, maar weens 'n besering kon sy nie speel nie.

Lynn en Hannie was saam op die drie maande lange toer in Europa, toe die S.A. Universiteite se span, die Proteas, in Italië, Duitsland, Nederland, Engeland, België, Frankryk en Spanje gespeel het. Hulle het 16 uit die 18 wedstryde gewen!

Die mans het vanjaar ongelukkig geen verteenwoordiger in die Proteaspan gehad nie. In die afgelope 20 jaar is 6 toere na Europa onderneem en in elke toerspan was Matie-verteenwoordigers.

VROUEHOKKIE – DIE GROOTSTE KLUB IN S.A.?... EN DIE MANS?

Die dames het groot belangstelling in hokkie. 'n Mens wonder of daar nog klubs in S.A. is wat 22 spanne in die veld stoot? Vier spanne speel in die W.P.-liga en agtien in die koshuisliga. Een van die „koshuisspanne" bestaan uit oud-studente en personeellede.

In die mansafdeling speel 19 spanne, van wie 4 elftalle in die W.P.-liga speel. Een van die „koshuisspanne" is 'n personeelspan wat vanjaar nogal goed vaar – moontlik omdat 'n paar van die heel oudstes (oor sestig jaar), hulle nou onttrek het! Onlangs is berig dat *Wanderers* die grootste aantal manshokkiespanne het, nl. 17. Die Maties oortref dus moontlik hierdie S.A. „rekord".

MNR. JAN KELDER

Soos 'n Danie Craven vir rugby, 'n Ivor Potgieter vir atletiek, 'n Jaroslav Houba vir tennis op Stellenbosch die stukragte is, so is Jan Kelder vir hokkie. Hy is 'n lektor in Liggaamlike Opvoedkunde aan U.S. Hy was reeds sewe maal met hokkiespanne oorsee en het vanjaar weer die uiters suksesvolle Proteas gelei.

Dr. Danie Craven, links, met die fluitjie in die hand, sê vir oulaas hoe dit gedoen moet word, maar prof. Bun Booysens (regs agter) se aandag is nie by wat Dok sê nie! Diegene wat bang is vir Dok se oefenapparaatjies moenie Coetzenburg toe kom nie.

Laat Berigte

Suksesvolle Toer van die Stellenbosse Universiteitskoor

Van 19 Junie tot 1 Julie vanjaar het die Universiteitskoor die volgende dorpe besoek: Riversdal, Mosselbaai, Graaff-Reinet, De Aar, Kimberley, Welkom, Vanderbijlpark, Pretoria, Johannesburg, Sasolburg en die Willem Pretorius Wildtuin.

Die *Diamond Fields Advertiser* van 25 Junie skryf: „. . . . one does not know what to admire most. Is it the confidence with which those singers attack the most difficult works, is it the clear pronunciation or is it the individual choral 'sound'?".

Oor mnr. Philip McLachlan skryf die *Pretoria News* van 29 Junie: „The Stellenbosch University Choir is fortunate in having as its director such an outstanding musician as mr. McLachlan, whose choice of music is as sound as his training of the singers. Although the choir's membership is subject to change as students graduate, the high standard of performance has been maintained throughout the 14 years he has been its director."

AMBASSADEURS NA BUITEWÊRELD

Mnr. Hennie Joubert skryf in *Hoofstad* van 30 Junie: „Die Stellenbosse Universiteitskoor is sonder enige twyfel nou Suid-Afrika se grootste musikale uitvoerproduk. Hierdie koor – wat 'n skrikwekkende – moeilike program gememoriseer het! – is van internasionale standaard en dit is hoog tyd dat die owerhede hierdie kulturele bate van ons volk as ambassadeurs na die groot wêreld daar buite stuur – per slot van sake, slegte mense sing nie!

ONS EER HUL NAGEDAGTENIS

Mnr. Paul Andrag is op 1 Julie vanjaar in die ouderdom van 73 jaar oorlede. Hy het op die plaas Suikerbosrand naby Vlottenburg gewoon en laat sy eggenote, drie seuns en drie dogters agter. Hy was die oudste van vyf broers wat jare lank 'n vername rol in die landboubedryf speel.

Mnr. N. E. Lambrecht, in lewe van die plaas Kareeboom, Calvinia, is op 30 Junie in die ouderdom van 74 jaar oorlede.

Hy was 'n groot vriend van die U.S. en ter erkenning is 'n voorlesingsaal in die Departement van Fisiologie na hom vernoem.

Ons meegevoel gaan uit na mnr. en mev. Hennie Smit, L.V. vir Stellenbosch, skoonseun en dogter van die oorledene.

Mnr. Pieter Loubser, Prospect Hill, Klipheuwel, Paarl, is in sy 56e jaar skielik te Windhoek oorlede. Sy dogter Lettie, 'n gewese student aan U.S., se doodberig vanweë 'n motorongeluk verskyn in hierdie uitgawe van *Matieland*. Sy vader was „Oom Japie Helpmekaar". Wyle mnr. Loubser was nie net 'n vriend van U.S. nie, maar het veel belanggestel in die hoër opleiding van toekomstige boere.

Opregte meegevoel gaan aan sy weduwee, sy seun en drie dogters.

OUD-MATIES

Prof. Ernst van Heerden is in die plek van wyle prof. N. P. van Wyk Louw tot hoof van die departement van Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Witwatersrand benoem.

Hy is op 20 Maart 1916 op Pearston gebore en het aan die Universiteite van Stellenbosch en Amsterdam gestudeer. Daarna was hy o.a. lektor in Afrikaans (Dept. van Opvoedkunde) op Stellenbosch. Sy eerste digbundel was *Weerlose Uur* (1942). Vir *Die Klop* het hy in 1962 die Hertzog-prys vir poësie verower.

Matielandfonds

Tot op 28 Oktober 1969 het ons lesers R7,951.06 tot die Fonds bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is:

Totaal (tot 28 Oktober 1969)	R7,951.06
Bosch, mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai	2.00
Botha, mnr. en mev. C. V., Los Angeles 42, Troyestraat, Sunnyside, Pretoria	5.00
Buitendag, mev. C., Ugie, Hoërskool, Ugie ...	2.00
Burger, A., Posbus 3951, Pretoria	5.00
Burger, mnr. G. E., Millwaylaan 50, Victorypark, Johannesburg	2.00
Coetzee, prof. C. J., Departement van Chemie, Universiteitskollege, Wes-Kaapland	2.00
Cooper, mnr. J. C., Langenhovenstraat 18, Kuilsrivier, K.P.	2.00
Crouse, mnr. J. V., Bryntirroldweg 5, Aston Manor, Kempton Park	5.00
de Bruin, mnr. N. J. H., Posbus 221, Ladysmith, Natal	1.00
Dekker, mnr. H. P., Mofinhof 14, Troyestraat, Sunnyside, Pretoria	10.00
de Kock, mnr. T. J., Pensymanstraat 45, Dundee	10.00
de Villiers, mnr. T. H., Posbus 4239, Kaapstad	5.00
de Vries, mnr. E. B., Hoër Tegniese Skool, Drostdy, Worcester	2.00
du Bois, mnr. F. G., Williamstraat 1, Parow ...	5.00
Gillham, dr. F. E. M., Posbus 7787, Johannesburg	2.00
Gous, Generaal J. P., Kommissaris van die S.A.P., Privaatsak 94, Pretoria	5.05
Grobler, mnr. J. M., Joubertstraat 56, Strand ...	15.00
Hanekom, dr. H. J., Posbus 2642, Pretoria ...	5.00
Hirzel, mnr. R., Vleisraad, Posbus 1357, Pretoria	7.00
Hoffman, mej. A. M., Charlottenburg, Zastron ...	1.00
Hough, mnr. J. J., Magnusweg 11, Valhalla, Tvl.	2.00
Jacobs, mnr. J. A. G., Kalkkuilen, Carnarvon ...	1.00
Janzen, mnr. A. P., Rembrandt, Bunsenstraat 22, Industria, Tvl.	5.00
Jooste, mnr. J. F., Posbus 445, Vryheid	3.00
Kuhn, mnr. J. J., Silverus 301, Silverusstraat 191, Muckleneuk, Pretoria	3.00
Kuhn, mnr. W. A., Posbus 3045. Pretoria	5.00
Lamprecht, mnr. J. C., Posbus 5394, Windhoek	2.00
Langner, dr. E. H., Privaatsak 2, Irene	5.00
le Roux, mnr. en mev. J. P., Will Scarletweg 40, Robindale, Randburg	5.00
le Roux, dr. T. F., Departement van Onderwys, P/s Umtata	2.00
Lindeque, mnr. P., Landdroskantoor, Bloemfontein	10.00
Lombard, prof. S. H., Fakulteit van Landbou, Universiteit van Pretoria	2.00
Louw, mnr. L. M., Posbus 72, Howard Place, Pinelands	5.10
Marais, mnr. D. F., Posbus 28, Nelspruit	2.00
Marx, mej. S., Dunlinhof 3, h/v Long & Greyillastraat, Kempton Park, Tvl.	1.00
Matthews, mnr. J. P., Afdeling Seevisserye, Kusweg, Seepunt	10.00
McKenzie, mev. P., Conduitstraat 10, Kensington B, Randburg	3.00

'N KEUR UIT ONS JONGSTE BOEKE



APOCRYPHA deur **M. M.** Walters
'n Nuwe bundel gedigte van M. M. Walters. Sy vorige bundel, CABALA, is reeds met die W. A. Hofmeyr-prys en die Eugène Marais-aanmoedigingsprys bekroon.

NAG VAN LEGIO deur **P. G.** du Plessis
'n Moderne drama waarin die verwoestende werking van die bose treffend uitgebeeld word.

DIE ANDER WERKLIKHEID deur Ernst van Heerden
Prof. Van Heerden se jongste bundel letterkundige beskouings.

MENÉ TEKÉL deur prof. **P. D. van** der Walt
'n Bundel letterkundige studies en kritieke.

DIE KUNS EN DIE GEMEENSKAP
Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hierdie bundel bevat bekende referate soos dié van prof. A. P. Grové oor die Literatuur en die Gemeenskap.

KANEEL deur T. T. Cloete
Studies oor die poësie, prosa en die kunsteorie.

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK onder redaksie van dr. W. J. de Kock
Hierdie pragboek, Deel I in 'n beplande reeks van ses, bied 'n enkele, basiese bron van gesaghebbende inligting oor persone wat vername bydraes tot ons geskiedenis gelewer het. Deel I bevat 568 biografieë en beslaan 933 bladsye.

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK 'n Naamlys
Die boek bevat 'n lys van alle name wat die redaksie beoog om in die voltooide stel van die Biografiese Woordeboek op te neem.

DIE KULTUURGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER Redakteur prof. P. de V. Pienaar
'n Nuwe uitgawe, in een band, van 'n bekende boek waarin die Afrikaner rekenskap gee van wat hy aan kultuur besit.

PRESIDENT STEYN deur Johannes Meintjes
Die eerste volwaardige biografie in Engels oor die lewe van die laaste President van die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

Uitgegee deur **TAFELBERG-UITGEWERS** Kaapstad

Verkrygbaar by die naaste tak van
NASIONALE BOEKWINKELS BEPERK
en by alle ander boekhandelaars.

715/A

Michau, mnr. N. T., Posbus 1378, Pretoria ...	3.00
Mostert, mnr. G. J., Victoriastraat 6, Hopefield, K.P.	5.00
Muller, mnr. R. T., Granadaweg 3, Evander, Oos-Transvaal	5.00
Muller, dr. S. P., Groote Schuur Hospitaal, Observatory, Kaap	2.00
Musiol, mev. D., 15de Laan 965, Wonderboom-Suid, Pretoria	1.70
Nell, dr. A. C., Posbus 47, Kestell, O.V.S.	5.00
Olivier, mnr. O. J., Louis Trichardtstraat 511, Wonderboomsuid, Pretoria	5.25
Olivier, mnr. P., U.N. Sovenga, oor Pietersburg	2.50
Pienaar, mnr. A., p/a Mangolds Eng., Posbus 419, Port Elizabeth	2.00
Rabie, mnr. N. J. van R., Departement van Waterwese, Privaatsak 313, Pretoria	5.00
Roux, mnr. J. P., Posbus 1641, Pretoria	2.00
Slabber, mev. E. E., Williamstraat 1, Parow ...	3.00
Smit, mnr. J. F., Trust Bank, Posbus 45, Seepunt	5.00
Söhnge, mnr. F. R. J., Stanbridgestraat 7, Beaufort-Wes	4.00
Stockenstrom, mnr. G. P., Tumourhallweg 40, Plumstead, Kaapstad	3.30
Strydom, mnr. A. E., Tuinstraat 12, Oudtshoorn	4.00
Strydom, mnr. B., Kusweg 23, Hermanus	2.00
Thom, prof. H. B., Die Kruin, Unielaan, Uniepark, Stellenbosch	10.00
Theron, Luit. Kol. (ds.) L. J., Jock Meiringstraat 1, Bloemfontein	5.00
Truu, mnr. M. L., Departement van Ekonomie, Universiteit van Wits, Johannesburg	10.00
van Blerk, mnr. N., Woordeboek Afdeling, Universiteit van Stellenbosch	2.00
van der Dussen, Departement van Landbou en Bosbou, Umtata	2.00
van der Poel, mnr. en mev. H. R., Salisburystraat 32, Bellville	2.50
van der Spuy, mnr. H. H., Universiteitskollege, Privaatsak 4001, Durban	4.00
van der Westhuizen, O. A., 34 Rue du Docteur, Blanche, Paris 16e	10.00
van Niekerk, mnr. A. G., „Rosedale", Pk. de Kol, Alexandria, K.P.	2.00
van Niekerk, mej. A. H., Fouriestraat 6, Heidelberg, K.P.	2.00
van Niekerk, mev. J. A., Fouriestraat 6, Heidelberg, K.P.	2.00
van Renen, mnr. A. de W., p/a Trust Bank, Hoofkantoor, Adderleystraat, Kaapstad	2.00
Venter, mnr. J. A., Posbus 255, Port Shepstone, Natal	.50
Verreynne, mnr. L. J., Posbus 78, Warrenton ...	4.00
Versluis, mev. A. D. M., Heuwelsig 15, Barnesstraat, Bloemfontein	10.00
Viljoen, mnr. J. H., Posbus 101, Williston, K.P.	5.00
Visser, mnr. D. J. N., Ottaviahof 19, Strand ...	3.30
Visser, mnr. en mev. W. B., Posbus 14, Amsterdam, Tvl.	6.10
Vorster, mnr. P. J., Pinehurst, Oudtshoorn ...	4.00
Zeelie, mej. M., Gevangenis Woonstel, Posbus 411, Pietermaritzburg	.50
Totaal (tot 21 Julie 1970)	R8,256.86

L.W. — Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die *Matielandfonds* betaalbaar gemaak word.

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00

Alle Nommers altyd in Voorraad

Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas

so pas ontvang Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert

mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

Oud-Maties ! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch will graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien u self, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie Matieland kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

Gebruik ook die vormpie om verandering van adres aan te dui. Iemand *wat kennis gee* van 'n adresverandering verbly die hart van die redakteur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Aan : Die Redakteur, Matieland, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Van en Voorname : .....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej. : ..... Nooiensvan : .....

Werkadres : .....

..... Telefoon Nr. : .....

Woonadres : .....

..... Telefoon Nr. : .....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteitvan Stellenbosch verwerf, met jaartalle : .....

.....

Huidige Betrekking : .....

My vorige adres was : .....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.) : .....

.....

.....

.....

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland.*

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.) : .....

.....

Bydrae : R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds.* Bydraes word erken per kwitansie en in Matieland.)

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKSBANK BEPERK

Opgerig 1882

Bankiers van Die Universiteit van Stellenbosch en feitlik alle opvoedkundige inrigtings op die dorp.

KOM MAAK KENNIS MET DIE HANDELSBANK
WAAR STELLENBOSSERS MEKAAR RAAKLOOP

Vakatures en Beurse vir Joernaliste

Die joernalistiek bied van die boeiendste loopbane denkbaar. In die redaksie van die Bloemfonteinse middagblad van Nasionale Pers

DIE VOLKSBLAD

is daar vakatures vir gegradueerdes.
Die dagblad bied uitstekende vooruitsigte vir mense met aanleg en werkywer – goeie salarisse, voorsorgfondse, polisse en jaarlikse bonus, met salarisverhogings op verdienste.
Studente kan nou aansoek doen vir aanstellings ná die verkryging van die graad of voltooiing van nagraadse studie aan die einde van die jaar.
Voornemende of huidige studente kan ook aansoek doen om beurse van R400 per jaar vir die voltooiing van hul graadkursus met die oog op indienstreding by Die Volksblad.
Doen onmiddellik aansoek by of rig navrae aan:

DIE REDAKTEUR
Die Volksblad
BLOEMFONTEIN

Telefoon: 7-3351 Posbus 267

Frick

Sig-Sag-Naaimasjiene Doen gewone werk, knoopsgate, knope, omkap, borduurwerk, name skryf ens. Ongelooflik maklik en netjies.

Handaangedrewe **R117.50** Min 20% vir kontant

Motoraangedrewe **R133.75** Min 20% vir kontant

Frick-Skêr **R3.00** Gemaak van geweerstaal

Duitse Naaisy **50c** Per 1.000 jts. tot

Posbestellings kry onmiddellike aandag

Voortrekkerweg 35 Parow, Kaap, Foon 98-6489

NEE, NEE, KOEKEMOER! MOENIE JOU STUDIES ONDERBREEK NIE!

Ek verseker jou jy moet vir *geen* oomblik aan geld dink nie. Dis bloot ondergeskik, ou kêrel. 'n Spaarrekening by die Standard sorg vir *alles*. Jy trek rente sonder om van jou boeke af op te kyk. En moenie dink hulle gaan jou skeef aankyk net omdat jou rekening klein is nie. Inteendeel—selfs *ek* was puik ontvang toe ek nog 'n lektor se salaris gekry het. En vandag? So tussen ons gesê, my spaargeldjies lyk danig aantreklik—veral met die oog op my aftrede volgende jaar. En weet jy, my vrou sal nie skroom om aan jou te sê dat ek dit nooit op my eie manier sou kon behartig het nie. Volg my voorbeeld, man. Bank jou geld by die Standard—en pak die belangrike dinge van die lewe met 'n geruste hart aan.

Op die Standard kan u staatmaak

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

Meer as 900 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.

Grant 214-297



STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat reeds meer as driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, is tans besig met 'n grootskaalse uitbreidingsprogram, teen 'n koste van R1000-miljoen.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark, in Pretoria en Newcastle, asook verskeie mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs- chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n huiseienaarskema, 'n verlofbonus, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsfasiliteite en ander welsynsgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

VRFA 165Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier